

BELANGRIKE INLIGTING: LEES NOU

SKOOL VIR REKENINGKUNDIGE WETENSAPPE

DEPARTEMENT FINANSIËLE REKENINGKUNDE

REKENINGKUNDE 1

MODULE 1 (FAC1502) REKENINGKUNDIGE BEGRIPPE, BEGINSELS EN METODEDES

**STUDIEBRIEF 101/3/2011
(EERSTE EN TWEDE SEMESTERS)**

SKEMA VAN WERK, STUDIEHULPBRONNE EN WERKOPDRAGTE

Inhoud

1. Verwelkoming
2. Doel en uitkomst van die module
3. Kommunikasie met u dosente
4. Studente-ondersteuningstelsel
5. Studiemateriaal
6. Hoe die werkopdragstelsel werk
7. Hoe die eksamenstelsel werk
8. Werkopdragte en assesseringkriteria

BYLAAG

- A: Veronderstelde kennis
- B: Studieprogram vir 2011
- C: Werkopdrag 01 vir EERSTE SEMESTER (**verpligtend**)
- D: Werkopdrag 01 vir TWEEDE SEMESTER (**verpligtend**)
- E: Werkopdrag 02 vir EERSTE SEMESTER (**verpligtend**)
- F: Werkopdrag 02 vir TWEEDE SEMESTER (**verpligtend**)
- G: Omvattende oefening (vrae met voorgestelde oplossings)

1. VERWELKOMING

1.1 Inleiding

Dit is vir ons aangenaam om u as student welkom te heet by Module 1 (FAC1502) van die Rekeningkunde 1 kursus. Ons vertrou u sal u studies hierdie semester besonder opbouend vind en dat u suksesvol sal wees.

Wanneer u registreer sal die semester waarvoor u geregistreer is op u registrasiedokumente aangedui wees. Indien dit die eerste keer is wat u vir FAC1502 geregistreer is, mag u nie in dieselfde semester ook vir FAC1601 geregistreer wees nie. Maak asseblief seker dat u korrek geregistreer is aangesien u verplig is om die eksamen, in die semester waarvoor u geregistreer is (**eerste** of **tweede** semester), af te lê. Die eksamen vir die eerste semester is gedurende Mei en die eksamen vir die tweede semester gedurende Oktober.

Indien u **vakinhoudelike** probleme met u studies ondervind, moet u nie huiwer om ons, u dosente, per brief, telefoon, e-pos of persoonlik (per afspraak) te raadpleeg nie.

Ons wil in hierdie studiebrief u aandag op 'n aantal besonder belangrike aangeleenthede vestig en u word gevolglik versoek om dit sorgvuldig te bestudeer.

Ons sal ons bes doen om u studie van hierdie module suksesvol te maak. Indien u reeds vroeg in die semester/jaar met u studies begin en onderneem om die werkopdrag(te) behoortlik te voltooi, het u reeds 'n uitstekende grondslag vir sukses gelê.

U sal gedurende die jaar 'n aantal studiebriefe ontvang. 'n Studiebrief is ons manier om met u te kommunikeer oor onderrig, leer en assessering.

Hierdie studiebrief bevat belangrike inligting oor die werkskema, hulpbronne en werkopdragte vir hierdie module. Ons moedig u aan om dit noukeurig deur te lees en om dit byderhand te hou wanneer u deur die studiemateriaal werk, die werkopdrag(te) doen, vir die eksamen voorberei en vrae aan u dosente rig.

Lees asseblief Studiebrief 301 saam met hierdie studiebrief aangesien dit vir u 'n idee gee van inligting wat oor die algemeen belangrik is wanneer u afstandsonderrig doen asook inligting van binne 'n spesifieke kollege.

In hierdie studiebrief (101) verskyn die werkopdragte en assesseringskriteria sowel as instruksies oor die opstel en indiening van die werkopdragte. Dit gee ook al die inligting wat u nodig het ten opsigte van die voorgeskrewe studiemateriaal en ander hulpbronne en hoe u dit kan bekom. Bestudeer hierdie inligting asseblief noukeurig en maak seker dat u die voorgeskrewe materiaal so gou as moontlik bekom.

Ons het ook sekere algemene en administratiewe inligting oor hierdie module ingesluit. Bestudeer hierdie afdeling van die studiebrief asseblief noukeurig.

Ons wil reg van die begin af vir u daarop wys dat **u al die studiebriefe** wat u gedurende die semester ontvang **onmiddellik en aandagtig moet lees** aangesien hulle altyd belangrike, en soms dringende, inligting bevat.

Ons hoop dat u hierdie module sal geniet en wens u alles van die beste toe!

1.2 Samestelling van die Rekeningkunde I kursus

Die eerstejaar-rekeningkunde kursus vir alle **B.Compt.** en **B.Com.** studente (insluitende **B.Com.-Regte**), bestaan uit twee aparte semester modules, naamlik:

FAC1502 (Rekeningkundige begrippe, beginsels en metodes), gevolg deur
FAC1601 (Rekeningkundige verslagdoening)

Die eerstejaar rekeningkunde (Rekeningkunde 1) word as geslaag gereken indien **beide** FAC1502 en FAC1601 geslaag is.

Neem asseblief kennis dat die gelyktydige registrasie, m.a.w. registrasie in dieselfde semester, vir FAC1502 en FAC1601 nie toegelaat word nie.

LLB.-Studente

Registreer vir die module FAC1503 (Rekeningkundige beginsels vir regspraktisyns).

Neem asseblief kennis dat die module ACN103P (Rekeningkundige beginsels vir regspraktisyns), wat voorheen aangebied is, nie meer aangebied word nie.

2. DOEL EN UITKOMS VAN HIERDIE MODULE

2.1 Doel

Die doel van hierdie module is om:

- ♦ die grondbeginsels van rekeningkunde te kan toepas;
- ♦ tersaaklike inligting te versamel, te verwerk en te boekstaaf en om staat van omvattende inkomste, staat van veranderings in ekwiteit en staat van finansiële posisie voor te berei;
- ♦ bates behoorlik te boekstaaf en verantwoording oor bates te doen;
- ♦ laste behoorlik te boekstaaf en verantwoording oor laste te doen;
- ♦ behoorlike aantekeninge by te hou om die finansiële resultaat en finansiële stand van eenmansake en entiteite sonder winsoogmerk te bepaal;
- ♦ behoorlike boeke uit onvolledige rekords saam te stel.

2.2 Leeruitkoms

Leeruitkoms 1

Ken en verstaan die aard en funksie van rekeningkunde.

Leeruitkoms 2

Verduidelik wat met die aard van rekeningkundige teorie, beginsels, rekeningkundige beleid, praktyk en werkwyses bedoel word.

Leeruitkoms 3

Beskryf wat die hoofdoel van rekeningkunde is en wat die dubbelinskrywingstelsel behels en om die finansiële stand van 'n entiteit sowel as die elemente van die basiese rekeningkundige vergelyking te kan bereken.

Leeruitkoms 4

Pas die beginsels van inkomste en uitgawes te gebruik om die bruto en netto winste (of verliese) en die uitwerking daarvan op ekwiteit te bepaal, toe.

Leeruitkoms 5

Ontleed en boekstaaf transaksies in die boeke van 'n entiteit en stel 'n staat van finansiële posisie op.

Leeruitkoms 6

Berei alle joernale voor, boek dit na grootboekrekeninge oor en stel 'n proefbalans op.

Leeruitkoms 7

Boekstaaf aan die einde van die jaar aansuiwerings in die boeke van 'n entiteit.

Leeruitkoms 8

Voltooi die afsluitingsproses, bepaal, die wins of verlies van 'n entiteit kan bepaal en berei meer gevorderde finansiële state voor.

Leeruitkoms 9

Handel met alle transaksies verbonde aan kontant en kontantekwivalente, afgesien van kontantontvangste en kontantbetalings.

Leeruitkoms 10

Handel met alle sake van debiteure in die boeke van 'n entiteit.

Leeruitkoms 11

Verstaan die belangrikheid van voorraad en hoe inskrywings verbonde aan voorraad in die boeke van 'n entiteit geboekstaaf word.

Leeruitkoms 12

Boekstaaf transaksies verbonde aan eiendom, aanleg en toerusting.

Leeruitkoms 13

Boekstaaf transaksies verbonde aan ander niebedryfsbates soos beleggings.

Leeruitkoms 14

Weet hoe bedryfslaste in die boeke van 'n entiteit hanteer word.

Leeruitkoms 15

Beskryf niebedryfslaste, boekstaaf die nodige inskrywings in die boeke en openbaar dit in die staat van finansiële posisie.

Leeruitkoms 16

Boekstaaf alle transaksies verbonde aan 'n eenmansaak en stel die finansiële state van 'n eenmansaak op.

Leeruitkoms 17

Boekstaat alle transaksies verbonde aan 'n nie-winsgewende entiteit.

Leeruitkoms 18

Skakel oor vanaf onvolledige records na 'n dubbelinskrywingstelsel.

3. KOMMUNIKASIE MET U DOSENTE

3.1 Telefonies

Die dosente verantwoordelik vir hierdie module word hierna verskaf. Onthou om u studentenommer byderhand te hê wanneer u 'n dosent skakel. Dosente is weksdae tussen 08:00 tot 16:00 vir telefoonnavrae beskikbaar.

Dosent se naam	Mnr D von Well
Geboue en kantoor nommer	AJH v/d Walt 4-67
Telefoon nommer	(012) 429-3933

Dosent se naam	Me KA Nkome
Geboue en kantoor nommer	AJH v/d Walt 4-60
Telefoon nommer	(012) 429-3830

Dosent se naam	Mnr P Maraisane
Geboue en kantoor nommer	AJH v/d Walt 4-46
Telefoon nommer	(012) 429-4426

Dosent se naam	Me A du Plessis
Geboue en kantoor nommer	AJH v/d Walt 4-65
Telefoon nommer	(012) 429-4621

Dosent se naam	Prof D Scott
Geboue en kantoor nommer	AJH v/d Walt 4-73
Telefoon nommer	(012) 429-4450

Alle navrae wat nie van 'n suiwer administratiewe aard is nie, **maar wat oor die inhoud van hierdie module handel** moet aan ons gerig word. Hou asseblief u studiemateriaal byderhand wanneer u ons kontak.

3.2 Geskrewe korrespondensie

3.2.1 E-Pos

U kan ook met behulp van E-pos met u dosente kommunikeer. Terugvoering sal nie noodwendig deur middel van e-pos geskied nie.

Dit is dus noodsaaklik om, in u e-pos, u studente-, telefoon- en faksnommer sowel as u e-pos- en posadres te verskaf.

Gebruik asseblief die volgende e-pos adres vir alle akademiese navrae:

Eerste semester studente: FAC1502-11-S1@my.unisa.ac.za

Tweede semester studente: FAC1502-11-S2@my.unisa.ac.za

Die e-pos adres vir REGISTRASIE en EKSAMEN veranderings/navrae is soos volg:
econ@unisa.ac.za

Alle registrasie- en eksamen-probleme moet by bogenoemde e-posadres aangemeld word.

3.2.2 Stuur briewe aan:

Die Moduleleier (modulekode)
 Departement Finansiële Rekeningkunde
 Posbus 392
 UNISA
 0003

Wanneer skrywe aan die Universiteit gerig word, onthou om altyd jou student nommer, telefoon nommer, die onderwerp en die kursuskode bo-aan die brief te vermeld.

LET WEL: Briewe aan dosente mag nie by werkopdragte ingesluit word nie.

3.3 Kommunikasie met die Universiteit

Indien u die universiteit moet kontak oor kwessies wat nie met die inhoud van hierdie module verband hou nie, raadpleeg asseblief die publikasie *My studies @ Unisa*, wat u saam met u studiemateriaal ontvang het. Hierdie brosjure bevat inligting oor hoe om die universiteit te kontak (bv. aan wie u verskillende navrae kan stuur, belangrike telefoonnommers en faksnommers, adresse en besonderhede van die tye waarop sekere fasiliteite oop is).

Hou u studentenommer altyd byderhand wanneer u die Universiteit kontak.

Let asseblief daarop dat alle administratiewe navrae aan die **Unisa Kontaksentrum** gerig moet word. Navrae sal dan na die regte departement gekanaliseer word. Die besonderhede is soos volg:

- | | |
|-------------------------------|--|
| • Oproepe (slegs RSA) | 0861 670 411 |
| • Internasionale oproepe | +27 11 670 9000 |
| • Faksnommer (RSA) | (012) 429 4150 |
| • Faksnommer (internasionaal) | +27 12 429 4150 |
| • E-pos | study-info@unisa.ac.za |

3.4 Persoonlike besoeke

Om teleurstelling te voorkom, **maak 'n afspraak** met 'n dosent want hulle is nie altyd gereedlik beskikbaar nie.

4. ONDERSTEUNINGSTELSEL VIR STUDENTE

Vir inligting oor die verskillende ondersteuningstelsels en dienste wat vir studente by Unisa beskikbaar is (bv. studenteberading, studiekele, taalondersteuning), raadpleeg asseblief die publikasie *My studies @ Unisa*, wat u saam met u studiemateriaal ontvang het.

4.1 Kontak met ander studente

4.1.1 Studiegroepe

Dit is raadsaam om kontak te hê met medestudente. Een manier om dit te doen, is om studiegroepe te vorm. Die adresse van studente in u omgewing kan by die volgende departement verkry word:

Direktoraat: Studente-administrasie en Registrasie
Posbus 392
UNISA
0003

Kontak asseblief die Unisa Kontaksentrum by 0861 670 411.

4.1.2 myUnisa

Indien u toegang het tot 'n rekenaar wat aan die internet gekoppel is, kan u vinnig toegang kry tot hulpbronne en inligting by die Universiteit. Die leerbestuurstelsel *myUnisa* is Unisa se aanlynkampus wat u sal help om met u dosente, ander studente en met die administratiewe departemente van Unisa te kommunikeer – alles deur middel van die rekenaar en die internet.

Om na die *myUnisa* webtuiste te gaan, begin by Unisa se hoofwebtuiste, <http://www.unisa.ac.za>, en klik dan op die “Login to *myUnisa*”-skakel aan die regterkant van die skerm. Dit behoort u na die *myUnisa* webtuiste te neem. U kan ook direk daarheen gaan deur <http://my.unisa.ac.za> in te tik.

Raadpleeg asseblief die publikasie *My studies @ Unisa*, wat u saam met u studiemateriaal ontvang het, vir meer inligting oor *myUnisa*.

4.1.3 Besprekingsklasse

Studiebrief FAC1502/102/1/2011 vir die eerste semester
Studiebrief FAC1502/102/2/2011 vir die tweede semester

Hierdie studiebriefe sal aan jou versend word sodra hulle beskikbaar is.

4.1.4 Studieklassse

Ondersteuningsprogramme vir student is by die leersentrums beskikbaar. Raadpleeg hierdie jaar (2011) se uitgawe van *My studies @ Unisa* vir meer inligting.

5. STUDIEMATERIAAL

5.1 Inventarisbrief

U moes 'n inventaris ontvang het met registrasie wat aandui wat u in u studiepakket ontvang het en wat ook aandui watter items nog uitstaande is. Kyk ook na die brosjure *My studies @ Unisa*.

Vergelyk asseblief die studiemateriaal wat u ontvang het met die inventaris. U moes al die items wat in die brief opgenoem word, ontvang het tensy daar aangedui word dat iets “uit voorraad” is of “nie beskikbaar nie” is. As enige item ontbreek, moet u sonder versuim die instruksies agter op die inventarisbrief volg.

LET WEL: U dosente kan u nie met ontbrekende studiemateriaal help nie. Kontak asseblief die Unisa Oproepsentrum by 0861 670 411 (slegs RSA), of +27 11 670 9000 (internasionale oproepe) (kyk ook paragraaf 3 hier bo).

5.2 Studiemateriaal

Die Versendingsafdeling moet u van die volgende studiemateriaal vir hierdie module voorsien:

- Een Studiegids
- Studiebrieft 101 en 301 by registrasie en ander later

Afgesien van Studiebrieft 101 en 301, sal u ook ander studiebriewe gedurende die jaar ontvang. Hierdie studiebriewe sal nie noodwendig tydens registrasie beskikbaar wees nie, maar sal aan u gestuur word sodra dit beskikbaar of nodig is (byvoorbeeld vir terugvoering oor werkopdragte).

Indien u toegang het tot die internet, kan u op die Universiteit se aanlynkampus, *myUnisa*, by <http://my.unisa.ac.za> na die studiegidse en studiebriewe vir die modules waarvoor u geregistreer het gaan kyk.

Gebruik slegs die telefoonnommers wat in die inventaris gegee is vir navrae oor vermiste studiemateriaal.

5.3 Voorgeskrewe handboek

Die voorgeskrewe handbook (slegs in Engels beskikbaar) vir hierdie module is die **nuutste uitgawe** van:

About Financial Accounting, Volume 1, deur Berry PR, De Klerk, ES, et al. Butterworths. Durban. (www.lexisnexis.co.za.)

Raadpleeg asseblief die lys van amptelike boekhandelaars en hulle adresse in *My studies @ Unisa*.

As u sukkel om boeke by hierdie boekwinkels te kry, kontak asseblief die *Unisa Contact Centre* by 0861 670 411 (slags RSA), of +27 11 670 9000 (internationaal) (sien ook par 3 hierbo).

6. HOE DIE WERKOPDRAGSTELSEL WERK

6.1 Werkopdragte

Werkopdragte word beskou as deel van die studiemateriaal vir hierdie module. Wanneer u die werkopdrag doen, die tekste bestudeer, ander hulpbronne raadpleeg, die werk met ander studente of mentors bespreek of navorsing doen, is u aktief betrokke by leer. As u na die assesseringskriteria vir elke werkopdrag kyk, sal dit vir u 'n duideliker begrip gee van wat van u verlang word.

In sommige gevalle kan bykomstige assessering op die *myUnisa* webtuiste vir u module beskikbaar wees. Vir studente wat studiesessies bywoon, kan mentors moontlik ook bykomstige take gee en hulle kan in die klas terugvoering gee.

6.1.1 Studieproses

As u soos volg te werk gaan, mag u minder probleme ondervind:

- Lees tot en met BYLAAG A van hierdie studiebrief.
- Werk deur BYLAAG A (Veronderstelde kennis) en, waar nodig, bestudeer die inhoud daarvan.
- Bestudeer die toepaslike studie-eenhede van die Studiegids vir werkopdrag 01 (gebruik die voorgestelde studieprogram in BYLAAG B).
- Doen die eerste oefening (vir elke studie-eenheid) in die Studiegids, sonder om na die oplossing te verwys. Merk u antwoord teenoor die oplossing in die Studiegids. Stel vas waarom, wanneer, waar en hoe u antwoord van die oplossing verskil. Indien u nie meer as 70% vir die oefening kry nie, (gebruik u eie merkskema), doen die volgende oefening en merk dit. Bestudeer wéér die studie-eenheid. Doen weer die vorige oefening(e) totdat u ten minste 70% per oefening kry. Dit kan baie tyd vereis, maar dit sal verseker dat u die inhoud van die studiemateriaal ken en verstaan.

- Doen die verpligte werkopdrag 01 deur die **merkleesblad** te kodeer (maak 'n afskrif vir uself) en pos/stuur dit na UNISA vir merk. Werkopdrag 01 **verseker toelating tot die eksamen**. Werkopdrag 01 en 02 kan ook via myUnisa ingedien word maar nie per e-pos gestuur word of ge-faks word nie!

Om 'n werkopdrag via myUnisa in te dien:

- Gaan na myUnisa
 - Teken in (registreer) op myUnisa met u studentenommer en wagwoord
 - Kies die module op die oranje "bar" (FAC1502)
 - Klik op werksopdragte ("assignments") in die linkerkantse kieskaart
 - Klik op die werksopdragnommer wat u wil indien (01 of 02)
 - Volg die aanwysings
- Nadat u werkopdrag 01 voltooi/ingedien het, moet u met die studieprogram voortgaan. Moenie wag totdat u die voorgestelde oplossing of u gemerkte werkopdrag terugontvang het nie.
 - Voltooi verpligte werkopdrag 02 op 'n **merkleesblad** Indiening van werkopdrag 02 lei nie tot eksamentoelating nie, maar tel wel vir die jaarpunt. Volg die instruksies vir die indien van die werkopdrag per myUnisa soos in paragraaf 5.5 hierbo aangetoon.
 - Merk u werksopdragte self deur die voorgestelde oplossing, wat na die vervaldatum van werkopdrag 02 aan u versend sal word, te gebruik. Die oplossings sal ook op die myUnisa stelsel op UNISA se webbladsy (www.unisa.ac.za) geplaas word. Indien u antwoord van die voorgestelde oplossing verskil moet u seker maak u verstaan waarom dit verskil .

6.2 Belangrike inligting oor werksopdragte wat bydrae tot jaarpunt

Daar is 2 werksopdragte vir module FAC1502:

- Werkopdrag 1 is 'n meervuldige keuse werksopdrag wat **verpligtend** is en dra 50% by tot die jaarpunt. Indien u nie hierdie werksopdrag indien nie, word u **nie tot die eksamen toegelaat nie**.
- Werkopdrag 2 is ook 'n meervuldige keuse werksopdrag wat verpligtend is en dra ook 50% tot die jaarpunt by.

Maak afskrifte van die werksopdragte (merkleesblaaië) wat u indien. Behou ook bewys van indiening indien u deur middel van myUnisa ingedien het.

6.2.1 Verpligte werksopdragte no 01 en 02

Om die volle waarde van formatiewe onderrig en assessering aan studente te bied, het die Universiteitsbestuur besluit dat daar **twee verpligte** werksopdragte sal wees wat teen vasgestelde datums ingedien moet wees. Indiening van die **eerste verpligte werksopdrag** teen die inhandegingsdatum verleen aan die student ook **toelating** tot die eksamen. Die punt behaal in die twee verpligte werksopdragte, sal 'n gelyke bydrae tot die jaarpunt uitmaak.

Die jaarpunt, wat 10% van die finale punt uitmaak, word soos volg bereken:

50% van die punt behaal in werkopdrag no. 01

plus

50% van die punt behaal vir werkopdrag no.02

Indien u slegs werkopdrag 01 indien, sal u jaarpunt slegs 5% wees van die punt behaal vir werkopdrag 01. Hierdie punt is dan u jaarpunt uit 10%. Indien u, as voorbeeld, 80% behaal het vir werkopdrag 01 en 0% het vir werkopdrag 02, sal u jaarpunt slegs 4% wees. 'n Jaarpunt maak soms die verskil tussen slaag en druipe.

Volgens Universiteitsbeleid moet u 'n sub-minimum van 40% in die eksamen behaal voor die jaarpunt in berekening gebring word. Met ander woorde, indien u minder as 40% in die eksamen behaal, sal u outomaties druipe. U finale punt sal dan wees slegs die punt wat u in die eksamen behaal het.

Studente benodig 50% om die module te slaag. Die finale punt word soos volg bereken:

$$(10\% \times \text{van die jaarpunt}) + (90\% \times \text{punt in die eksamen behaal})$$

Voorbeeld:

	A	B	C	D
	Gemiddelde punt behaal vir werkopdrag 01 en 02 (jaarpunt)	Jaarpunt bydrae tot finale punt is 10%	Eksamenpunt benodig om te slaag (50%), minus jaarpunt bydrae (B)	Minimum eksamenpunt benodig om te slaag (C ÷ 0,9)
Student 1	100%	10%	40%	45%
Student 2	70%	7%	43%	48%
Student 3	50%	5%	45%	50%
Student 4	30%	3%	47%	52%
Student 5	20%	2%	48%	53%
Student 6	10%	1%	49%	54%
Student 7	0%	0%	50%	56%

Indien u tussen 45% en 49% as finale punt behaal, sal u toegelaat word om 'n her-eksamen te skryf. Die her-eksamen word in die volgende semester se eksamenperiode afgelê. Dit beteken dat indien u, na die uitslae van die Mei-eksamen, vir 'n hereksamen kwalifiseer, u in Oktober die hereksamen sal kan skryf. Studente wat na die Oktober-eksamen vir 'n hereksamen kwalifiseer, sal toegelaat word om in Mei, die volgende jaar, die hereksamen af te lê. 'n Student word egter toegelaat om slegs een hereksamen per registrasieperiode af te lê. Om die hereksamen te slaag, moet 'n punt van 50% in die eksamen self behaal word. Die jaarpunt word nie in berekening gebring om slaag/druip te bepaal nie!

Maak asseblief seker dat die verpligte werkopdragte die Universiteit voor of op die vervalddag bereik - die laat indiening van werkopdrag 01 sal tot gevolg hê dat u nie tot die skryf van die eksamen toegelaat sal word nie! (Sien die vervalddatums later in paragraaf 8 van hierdie Studiebriëf).

Indien u u eksamen vir FAC1502 na 'n volgende semester oordra, moet u die werkopdragte 01 en 02 indien in die semester waarvoor u oorspronklik geregistreer was. Die jaarpunt behaal vir werkopdragte 01 en 02 sal dan na die volgende semester, waarin u eksamen skryf, oorgedra word aangesien u nie toegelaat sal word om in die opvolgende semester die werkopdragte in te dien nie.

Wanneer u aansoek doen om in 'n volgende semester eksamen te skryf, doen u eintlik aansoek om 'n hereksamen te skryf. U benodig egter steeds 'n jaarpunt wat deur die indiening van werkopdragte verseker is.

6.3 Indiening van werkopdragte

U kan skriftelike werkopdragte en werkopdragte wat op merkleesblaaië gedoen is, per pos of elektronies deur middel van *myUnisa* indien. Werkopdragte mag **nie** per faks of e-pos ingedien word nie.

Om werkopdragte in te dien per Pos moet werkopdragte gestuur word aan:

Die Registrateur
Posbus 392
UNISA
0003

Vir gedetailleerde inligting oor en vereistes vir werkopdragte, kyk in die brosjure *My studies @ Unisa*, wat u saam met u studiemateriaal ontvang het.

Om 'n werkopdrag **per myUnisa** in te dien:

- Op www.unisa.ac.za gaan na myUnisa.
- Teken aan met u studentnommer en wagwoord.
- Kies FAC1502 van die oranje streep.
- Klik op werkopdragte op die opsielys aan die linkerkant.
- Klik op die werkopdragnommer wat u wil indien (01 or 02)
- Volg die instruksies op die skerm.

LET WEL: Navrae oor werkopdragte (bv. of die Universiteit u werkopdrag ontvang het of nie, of die datum waarop 'n werkopdrag aan u teruggestuur is) moet gerig word aan die Unisa Kontaksentrum by 0861 670 411 (slegs RSA), of +27 11 670 9000 (internasionale oproepe) (kyk ook paragraaf 3 hier bo). Die ontvangs van 'n werkopdrag en die punt behaal kan u kry op *myUnisa*. Om na die *myUnisa* webtuiste te gaan, begin by Unisa se hoofwebtuiste, <http://www.unisa.ac.za>, en klik dan op die 'login to *myUnisa*'-skakel onder die opskeif *myUnisa* op die skerm. Dit behoort u na die *myUnisa* webtuiste te neem. U kan ook direk daarheen gaan deur <http://my.unisa.ac.za> in te tik.

U kan ook 'n E-pos stuur aan assign@unisa.ac.za om navrae te doen oor 'n werkopdrag. Tik u studentenommer in in die spasie vir 'subject' (onderwerp). In die daaropvolgende boodskap moet u die kursuskode en die werkopdragnommer invoeg.

6.4 Terugvoering oor werkopdragte

U sal die korrekte antwoorde vir meerkeusevrae outomaties ontvang. Vir geskrewe werkopdragte sal nasieners konstruktiewe opmerkings oor u werk maak. Terugvoering oor verpligte werkopdragte **sal egter** in 'n opvolgstudiebrief **aan alle studente wat vir hierdie module geregistreer is gestuur word** en nie net aan die studente wat die werkopdragte ingehandig het nie. Die studiebriefnommer sal 201, 202, ens. wees.

Sodra u die terugvoering ontvang het, moet u asseblief u antwoorde nagaan. Die werkopdragte en die terugvoer oor hierdie werkopdragte vorm 'n belangrike deel van u leer en behoort u te help om beter voor te berei vir die volgende werkopdrag en die eksamen.

Die terugvoer oor die selfassesseringswerekopdrag word by hierdie studiebrief ingesluit. Dit sal u in staat stel om u werkopdrag na te sien sodra u dit voltooi het.

Terugvoer op *myUnisa* se addisionele assesserings sal outomaties wees en sal dus onmiddellik beskikbaar wees. Bykomende werk wat deur mentors gegee word, sal in die klas bespreek word.

6.5 Keerdatums

Werkopdragte is 'n onafskeidbare deel van die studiemateriaal. Die werkopdragte en studiebriefe moet ook vir eksamendoeleindes bestudeer word.

WERKOPDRAGTE MOET NIE GEFAKS OF PER E-POS INGEDIEN WORD NIE.

- ◆ Studiemateriaal waarop werkopdragte gegrond is, word in BYLAAG B getoon.
- ◆ Werk noukeurig deur die betrokke studiemateriaal voordat u die werkopdrag aanpak.
- ◆ Werk die meervoudigekeusevrae van werkopdragte 01 en 02 op 'n afsonderlike stuk papier uit. Gebruik 'n merkleeskaart om werkopdragte 01 en 02 te voltooi en in te dien. Maak seker dat u die **regte UNIEKE NOMMER** gebruik, toegeken vir die betrokke werkopdrag en semester. Hierdie werkopdrag kan ook via *myUnisa* ingedien word.

Onthou:

- gebruik 'n sagte HB potlood om die merkleesblad te kodeer.
- slegs **een** antwoord per vraag is korrek.
- alle vrae is gelykwaardig.

- ♦ Daar moet **geen strepieskodeplakker** op die merkleeskaart geplak word nie.
- ♦ Werkopdragte moet ons nie later as die inhandigingsdatums in BYLAAG B gegee, bereik nie
- ♦ Werkopdrag-koeverte mag nie ander korrespondensie as die merkleesblad bevat nie.
- ♦ Verstrek die module kode (FAC1502) en die werkopdragnommer (01 of 02) wanneer u navraag oor ingediende werkopdragte doen. Navrae moet gerig word aan die Werkopdragafdeling by (012) 429-4155.

BELANGRIKE INLIGTING:

EERSTE SEMESTER 2011 (eksamen Mei)

Werkopdrag nommer	Formaat	Verpligtend	Unieke nommer	Indien datum	Bydrae tot finale punt
1	Meervuldige keuse	Ja	845168	28 Feb 2011	5%
2	Meervuldige keuse	Ja	780850	28 Mrt 2011	5%
Eksamen	Lang vrae	Ja	-	* Mei 2011	90%

* Eksamendatum sal aangekondig word.

TWEEDE SEMESTER 2011 (eksamen Oktober)

Werkopdrag nommer	Formaat	Verpligtend	Unieke nommer	Indien datum	Bydrae tot finale punt
1	Meervuldige keuse	Ja	773022	15 Aug 2011	5%
2	Meervuldige keuse	Ja	828322	5 Sept 2011	5%
Eksamen	Lang vrae	Ja	-	* Okt 2011	90%

* Eksamendatum sal aangekondig word.

6.6 Assessering van werkopdragte

Let wel: Hoewel studente saam mag werk terwyl hulle werkopdragte voorberei, moet elke student sy of haar eie individuele werkopdrag skryf en indien. U moet met ander woorde u eie idees in u eie woorde indien. U moet toepaslike, kort aanhalings waarna u behoorlik verwys in u werkopdrag gebruik. Dit is onaanvaarbaar dat studente identiese werkopdragte indien op grond daarvan dat hulle saamgewerk het. Dit is dieselfde as afskryf ('n vorm van plagiaat) en nie een van hierdie werkopdragte sal nagesien word nie. Verder kan u gepeenaliseer word of aan dissiplinêre stappe deur die universiteit onderwerp word.

Moet nie werkstuk-antwoorde by mede-studente afskryf nie!!

Plagiaat (kopieëring) is die daad om woorde, idees en gedagtes van ander te neem en dit as jou eie voor te lê. Dit is 'n vorm van diefstal wat verskeie oneerlike akademiese aktiwiteite insluit.

Die *Dissiplinêre Kode vir studente* (2004) word tydens registrasie aan alle studente verskaf. Studente word aanbeveel om die kode te bestudeer, veral artikel 2.1.13 en 2.1.14 (2004: 3-4). Lees ook asseblief die Universiteit se *Beleid op Kopiereg skending en plagiaat*.

7. HOE DIE EKSAMENSTELSE WERK

Vir algemene inligting en vereistes wat werkopdragte betref, kyk in die brosjure *My studies @ Unisa*, wat u saam met u studiemateriaal ontvang het.

7.1 Eksamentoelating

Die indiening van Werkopdrag 01 is 'n vereiste vir **toelating tot die eksamen**.

Dit sal egter tot u eie voordeel strek om beide die werkopdragte en die omvattende oefening te doen omdat:

- ♦ die werkopdragte oefening, wat noodsaaklik in die studie van Rekeningkunde is, verskaf;
- ♦ die werkopdragte waardevolle hersieningsmateriaal bevat en verseker dat u deur die semester studeer;
- ♦ die soort vrae in die werkopdragte en omvattende oefening gewoonlik verteenwoordigend is van dié soort vrae wat u in die eksamen kan verwag.

7.2 Eksamentydperk

Hierdie module word aangebied in 'n semestertydperk van 15 weke. Dit beteken dat indien u vir die eerste semester geregistreer is, u die eksamen in Mei/Junie 2011 sal skryf en dat die aanvullende eksamen in Oktober/November 2011 geskryf sal word. As u vir die tweede semester geregistreer is, sal u die eksamen in Oktober/November 2011 skryf en die aanvullende eksamen sal in Mei/Junie 2012 geskryf word.

Die Eksamenafdeling sal u gedurende die semester voorsien van inligting in verband met die eksamen oor die algemeen, eksamenlokale, eksamendatums en eksamentye.

7.3 Eksamenvraestel

Aan die einde van die semester (Mei vir die eerste semester en Oktober vir die tweede semester) moet u 'n **twee-uur** eksamenvraestel vir module FAC1502 aflê. Die vraestel sal uit lang vrae bestaan.

'n Nie-programmeerbare sakrekenaar mag gebruik word.

Die eksamenskrif is 'n skrif (boek) met 12 bladsye. Elke bladsy sal drie bedragkolomme aan die regterkant bevat (soortgelyk aan kasboekpapier). Indien u nie die kolomme wil of kan gebruik nie mag u u eie kolomme trek of T-rekeninge op die bladsy lineer. U mag die skrif oopmaak en die linker bladsy van die dubbelbladsy vir die Dt-kant en die regterbladsy vir die Kt-kant gebruik (ignoreer die ander kolomme).

Begin elke nuwe vraag op 'n nuwe (skoon) bladsy. Merk sub-vrae duidelik.

Wanneer u met 'n vraag begin, lees altyd eers **wat gevra is** voordat u die inligting lees. Op hierdie wyse sal u dadelik weet watter inligting nodig is om die vraag te beantwoord. Indien u eers deur die hele vraag lees voordat u weet wat gevra is, sal u vir 'n tweede keer deur die inligting moet lees en sodoende onnodig tyd verspil.

Indien u tussen 45% en 49% as 'n **finale** punt behaal, sal u toegelaat word om **hereksamen** te skryf. Hierdie hereksamen word dan aan die einde van die volgende semester geskryf. Om hierdie hereksamen te slaag, moet u ten minste 50% in die eksamen self behaal. Dit beteken dat as u in die Mei-eksamen kwalifiseer vir 'n hereksamen, u in Oktober die FAC1502 tweede semester vraestel sal skryf. Soortgelyk sal studente wat in Oktober vir 'n hereksamen kwalifiseer die FAC1502 vraestel van Mei die volgende jaar skryf. 'n Student kan egter net **een hereksamen** per registrasie skryf.

Geen verdere studiemateriaal sal aan u gestuur word indien u vir 'n hereksamen kwalifiseer nie. U moet ook nie werkopdragte in die volgende semester inhandig nie.

Daar is verskeie redes waarom dosente nie vorige jare se eksamens, werkopdragte en oplossings aan u kan stuur, faks of e-pos nie en ons sal dit waardeer as u nie so 'n versoek aan ons rig nie.

U word aangeraai om die eksamentrooster betyds te raadpleeg en u finale hersieningsprogram daarvolgens te beplan. Botsings van eksamendatums moet betyds by die eksamen-afdeling gerapporteer word deur die 'Call Centre' te gebruik. Begin betyds studeer ten einde 'n opeenhoping op die laaste oomblik te vermy.

Maak seker dat u al die werkopdragte se oplossings ten minste twee weke voor die eksamen ontvang het. Geen oplossings sal gedurende die 14 dae voor die eksamen aan studente gefaks word nie. Oplossings is beskikbaar op die myUnisa stelsel op UNISA se webbladsy (assign@unisa.ac.za).

7.4 Ou eksamenvraestelle

Sommige ou eksamenvraestelle is beskikbaar op myUnisa. 'n Kopie van 'n vorige eksamenvraestel met voorgestelde oplossing is ook ingesluit in studiebrief FAC1502/102.

8. WERKOPDRAGTE EN ASSESSERINGSKRITERIA

8.1 Belangrike inligting oor bylaes

BYLAAG A handel oor veronderstelde kennis. Bestudeer eers BYLAAG A voordat u die Studiegids bestudeer.

BYLAAG B is 'n voorgestelde studieprogram vir elke semester.

Studente beplan dikwels nie hul studies behoorlik ten einde bepaalde studiedoelwitte op voorafbepaalde datums te bereik nie. Dit gee aanleiding tot 'n lukraak benadering van hul studies en die gebruik van ondoeltreffende studietegnieke.

Om u hiermee te help, word 'n studie-program gegee. Hierdie program dui die datums aan waarop sekere gedeeltes van die studiemateriaal, asook werkopdragte, voor vervaldatums voltooi behoort te word.

Die studieprogram is op die volgende aannames gegrond:

- ♦ Dat studies óf op 15 Januarie vir die eerste semester óf op 1 Julie vir die tweede semester 'n aanvang behoort te neem en dat die kursus betyds voltooi behoort te wees ten einde voldoende tyd vir hersiening te laat.
- ♦ Dat u ongeveer 8 ure per week aan u studie vir module FAC1502 moet wy. Ons is van mening dat dit binne u bereik is. Studente wat nie voorheen Rekeningkunde bestudeer het nie, sal meer tyd benodig, veral as u die oefeninge verskeie kere moet doen (verwys paragraaf 5.4 hierbo).

Ons is oortuig daarvan dat, indien u by hierdie program hou, u die vak behoort te bemeester. Dit is baie belangrik dat u die inhoud van elke studie-eenheid sal bemeester en nie net vlugtig sal deurwerk nie. Indien u laat sou registreer of agter raak met hierdie program, sal u harder moet werk om in te haal.

BYLAAG C: WERKOPDRAG 01 vir EERSTE SEMESTER (**verplichtend**)

BYLAAG D: WERKOPDRAG 01 vir TWEEDE SEMESTER (**verplichtend**).

BYLAAG E: WERKOPDRAG 02 vir EERSTE SEMESTER (**dra by tot jaarpunt**).

BYLAAG F: WERKOPDRAG 02 vir TWEEDE SEMESTER (**dra by tot jaarpunt**).

BYLAAG G: Omvattende oefening (vrae met oplossings).

BELANGRIK

1. **MAAK SEKER DAT DIE VERPLIGTE WERKOPDRAG DIE UNIVERSITEIT VOOR DIE VERVALDATUM BEREIK.**
2. **INDIEN WERKSOPDRAG 01 LAAT ONTVANG WORD, SAL U NIE TOT DIE EKSAMEN TOEGELAAT WORD NIE.**

Ten spyte van sorgvuldige voorbereiding van die studiegids, studiebriefe, werkopdragte en ander studiemateriaal, mag enkele foutjies steeds voorkom. Indien u enige foute of aangeleenthede wat nie duidelik omskryf is nie, sou teëkom, hoor ons graag daarvan sodat ons dit kan regstel.

Ons hoop dat u hierdie module sal geniet en ons wens u sukses toe met u studies.

Met vriendelike groete.

	<u>Tel nr</u>
Prof D Scott	012 429-4450
Ms A du Plessis	012 429-4621
Mr D von Well	012 429-3933
Mr P Mariasane	012 429-4426
Ms KA Nkome	012 429-3830
Ms JHJ Coetzee (Secretary)	012 429-4401

DOSENTE: REKENINGKUNDE 1: MODULE FAC1502

BYLAAG A: VERONDERSTELDE KENNIS

Daar word veronderstel dat studente reeds oor die kennis beskik om sekere eenvoudige berekeninge te kan doen. Sommige hiervan word in die volgende paragrawe bespreek sodat dié studente wat meer oor die onderwerpe wil weet, hulself op hoogte daarvan kan bring.

1 Basiese berekeninge

Om die persentasie van 'n bedrag of getal te bereken

bv. 13% van R3 900.

Die 13% beteken eintlik 13 uit 100, of $13 \div 100$; en "van" beteken "vermenigvuldig met". Dus: 13% van R3 900 kan gelees word as:

$13 \div 100 \times R3\ 900,00 = R507,00$ of, as u 'n sakrekenaar gebruik: $3900 \times .13 = 507.00$. (Deur die faktor van ".13" te gebruik, het u reeds die 13 deur 100 gedeel. Alle persentasies kan op hierdie wyse hanteer word.)

Om die prys van 'n aantal items na 'n enkele item te herlei

bv. as R39,52 vir 13 items betaal is, kos een item $R39,52 \div 13 = R3,04$. Hierdie bedrag kan dan gebruik word om die koste van ander hoeveelhede van dieselfde aard te bepaal bv. 27 items sal $27 \times R3,04 = R82,08$ kos.

2 Rente

Rente is in der waarheid 'n betaling vir die gebruik van iemand anders se geld, dus is dit die "prys" van geld of die finansieringskoste daarvan.

Rente kan ontvangbaar wees (bv. rente op beleggings) of dit kan betaalbaar wees (bv. rente op lenings, skuldbriewe of verbande). Om rente te kan bereken, benodig mens:

Die bedrag betrokke,

Die rentekoers waarteen dit belê/geleen is en

Die tydperk waarvoor dit belê/geleen is.

Wanneer 'n tydperk betrokke is, kan studente dit oorweeg om 'n "tydlyn" te gebruik, wat met die berekeninge kan help. 'n Tydlyn kan soos volg opgestel word:

(a) Inligting:

Bedrag belê (of geleen)	R12 000
Rentekoers	10,5%
Tydperk: 1 Mei 20.1 tot 31 Desember 20.1=	8 maande

1 Mei 20.1	31 Des 20.1	
Tydperk: 8 mnde Rentekoers: 10,5%		

Totale tydperk = 8 maande (of $2/3$ van 'n jaar = 0,6667 jr).

(b) Inligting:

Bedrag belê (of geleen) R12 000
 Rentekoers 10,5%
 Tydperk: 1 Mei 20.0 tot 31 Desember 20.1 =
 1 jr, 8 mnde (of 20 mnde)

1 Mei 20.0	31 Des 20.0 01 Jan 20.1	31 Des 20.1
Tydperk: 8 mnde Rentekoers: 10,5%	Tydperk: 12 mnde (= 1 jr) Rentekoers: 10,5%	

Totale tydperk = 20 maande (of 1 en 2/3 van 'n jaar = 1,6667 jr).

Voorbeelde:

1. Tydperk korter as een jaar:

Bedrag belê (of geleen) R12 000
 Rentekoers 10,5%
 Tydperk: 1 Mei 20.1 tot 31 Des 20.1 = 8 maande

Berekening van rente:

$R12\ 000 \times 10,5 \div 100 \times 8 \div 12 = \underline{\underline{R\ 840,00}}$
OF: $R12\ 000 \times 0,105 \times 8 \div 12 = \underline{\underline{R\ 840,00}}$
OF: $R12\ 000 \times 0,105 \times 2 \div 3 = \underline{\underline{R\ 840,00}}$
OF: $R12\ 000 \times 0,105 \times 0,6667 = \underline{\underline{R\ 840,00}}$

2. Tydperk langer as een jaar:

Bedrag belê (of geleen) R12 000
 Rentekoers 10,5%
 Tydperk: 1 Mei 20.0 tot 31 Des 20.1
 = 1 jr, 8 mnde (of 20 mnde)

Berekening van rente:

$R12\ 000 \times 10,5 \div 100 \times 20 \div 12 = \underline{\underline{R2\ 100,00}}$
OF: $R12\ 000 \times 0,105 \times 20 \div 12 = \underline{\underline{R2\ 100,00}}$
OF: $R12\ 000 \times 0,105 \times 5 \div 3 = \underline{\underline{R2\ 100,00}}$
OF: $R12\ 000 \times 0,105 \times 1,6667 = \underline{\underline{R2\ 100,00}}$

3 Winste en vereffeningskortings

In die geval van die berekening van winste en vereffeningskortings, is 'n tydperk nie betrokke nie, daarom is 'n tydlyn onnodig. In hierdie geval speel die bedrag en die persentasie, die sleutelrolle.

Voorbeelde

3.1 Winste

3.1.1 Wins op kosprys:

Kosprys	R23 000
Wins op kosprys	25%
<u>Om te bereken:</u> Verkoopsprys	

Berekening van verkoopsprys

$$\begin{aligned} &R23\ 000 + (R23\ 000 \times 25 \div 100) \\ &= R23\ 000 + R5\ 750 \end{aligned} \quad \underline{\underline{R28\ 750}}$$

$$\begin{aligned} \text{OF: } &R23\ 000 + (R23\ 000 \times 0,25) \\ &= R23\ 000 + R5\ 750 \end{aligned} \quad \underline{\underline{R28\ 750}}$$

$$\text{OF: } R23\ 000 \times 1,25 \quad \underline{\underline{R28\ 750}}$$

Die redenasie vir die laaste berekening is dat, as die kosprys R1,00 is, sal die wins R0,25 wees en die verkoopsprys R1,25.

Dus: As die kosprys R23 000 is, sal die verkoopsprys R23 000 x 1,25 wees.

3.1.2 Wins op verkoopsprys:

Verkoopsprys	R23 000
Wins op <u>verkoopsprys</u>	25%
<u>Om te bereken:</u> Kosprys.	

Berekening van kosprys:

$$\begin{aligned} &R23\ 000 - (R23\ 000 \times 25 \div 100) \\ &= R23\ 000 - R5\ 750 \end{aligned} \quad \underline{\underline{R17\ 250}}$$

$$\begin{aligned} \text{OF: } &R23\ 000 - (R23\ 000 \times 0,25) \\ &= R23\ 000 - R5\ 750 \end{aligned} \quad \underline{\underline{R17\ 250}}$$

$$\text{OF: } R23\ 000 \times 0,75 \quad \underline{\underline{R17\ 250}}$$

In hierdie geval is die berekening van die laaste bedrag nie so eenvoudig as die vorige geval nie. Mens moet 'n bietjie redeneer. Die verkoopsprys van R23 000 sluit 'n wins van 25% in, daarom, as die verkoopsprys R1,00 is en die wins is R0,25, sal die kosprys (wat minder as die verkoopsprys moet wees) R0,75 wees. Dus, om die kosprys te bereken:

As die verkoopsprys R23 000 is, sal die kosprys R23 000 x 0,75 wees.

3.1.3 Verkoopsprys word gegee maar die persentasie wins is op kosprys:

Verkoopsprys	R23 000
Wins op kosprys	25%
<u>Om te bereken:</u> Kosprys.	

Berekening van kosprys:

$$\begin{aligned} & R23\ 000 - (R23\ 000 \times 25 \div 125) \\ & = R23\ 000 - R4\ 600 \qquad \qquad \qquad \underline{R18\ 400} \end{aligned}$$

$$\begin{aligned} \text{OF: } & R23\ 000 - (R23\ 000 \times 0,20) \\ & = R23\ 000 - R4\ 600 \qquad \qquad \qquad \underline{R18\ 400} \end{aligned}$$

$$\text{OF: } R23\ 000 \div 1,25 \text{ (let op: gedeel deur)} \quad \underline{R18\ 400}$$

Die berekening van die laaste bedrag is soos volg beredeneer: Die verkoopsprys van R23 000 sluit 'n wins van 25% op kosprys in, dus, as die verkoopsprys R1,25 is en die wins is R0,25, sal die kosprys (wat minder as die verkoopsprys is) R1,00 wees. Dus, om die kosprys te bereken: As die verkoopsprys R23 000 is, sal die kosprys $R23\ 000 \div 1,25$ wees.

Om op te som:

Kosprys		1,00		
Wins	x	1,25	<u>0,25</u>	÷ 1,25
Verkoopsprys			<u>1,25</u>	

Gegewe die kosprys en u moet die verkoopsprys bereken (wat meer is as die kosprys) vermenigvuldig die kosprys met 1,25 (as die persentasie 25% is).

Gegewe die verkoopsprys en u moet die kosprys bereken, (wat minder as die verkoopsprys is) deel die verkoopsprys deur 1,25 (as die persentasie 25% is).

3.2 Kortings (vereffeningskorting toegestaan en vereffeningskorting ontvang)

3.2.1 Kontant of handelskorting op verkope:

Verkoopsprys	R23 000
Korting op verkoopsprys	5%
<u>Om te bereken:</u> Netto verkoopsprys.	

Berekening van netto verkoopsprys:

$$\begin{aligned} & R23\ 000 - (R23\ 000 \times 5 \div 100) \\ & = R23\ 000 - R1\ 150 \qquad \qquad \qquad \underline{R21\ 850} \end{aligned}$$

$$\begin{aligned} \text{OF: } & R23\ 000 - (R23\ 000 \times 0,05) \\ & = R23\ 000 - R1\ 150 \qquad \qquad \qquad \underline{R21\ 850} \end{aligned}$$

$$\text{OF: } R23\ 000 \times 0,95 \qquad \qquad \qquad \underline{R21\ 850}$$

Die laaste berekening is soos volg beredeneer: Die verkoopsprys van R23 000 moet met 5% verminder word, dus, as die verkoopsprys R1,00 is, sal die korting R0,05 wees en die netto verkoopsprys (wat minder as die oorspronklike verkoopsprys is) sal R0,95 wees. Dus:

As die verkoopsprys R23 000 is, sal die netto verkoopsprys $R23\ 000 \times 0,95$ wees.

- 3.2.2 Vereffeningskorting op betaling van rekenings:
 Bedrag op rekening uitstaande R23 000
 Vereffeningskorting op betaling op of
 voor 'n bepaalde datum gemaak 5%
Om te bereken: Netto bedrag betaalbaar.

Berekening van netto bedrag betaalbaar:

$R23\ 000 - (R23\ 000 \times 5 \div 100)$

= R23 000 - R1 150 R21 850

OF: $R23\ 000 - (R23\ 000 \times 0,05)$

= R23 000 - R1 150 R21 850

OF: $R23\ 000 \times 0,95$ R21 850

Die laaste berekening is soos volg beredeneer: Die bedrag van R23 000 moet met 5% verminder word, daarom, as die volle rekening R1,00 is, sal die vereffeningskorting R0,05, wees en die netto bedrag betaalbaar (wat minder as die oorspronklike bedrag betaalbaar moet wees) sal R0,95 wees. Dus:

As die bedrag van die rekening R23 000 is, sal die netto bedrag betaalbaar $R23\ 000 \times 0,95$ wees.

4 Verhoudings

4.1 Persentasie as 'n verhouding:

'n Persentasie kan ook as 'n verhouding beskou word; 'n verhouding tot 100. Dit beteken dat 'n verhouding van 15% na regte 15 uit 100 beteken of 15 : 100. As 'n student 43 punte uit 60 behaal, is sy verhouding 43 tot 60 (aangedui as 43:60) of

$$43 \div 60 \times 100 = 71,7\% \text{ (of } 71,7 \text{ uit } 100 \text{ of } 71,7:100).$$

Deur die waardes albei kante van die dubbelpunt deur 100 te deel, kry u 'n verhouding van 0,717:1 (verwys na par 4.2 hieronder).

Op soortgelyke wyse, as die verkope van 'n onderneming R245 000 is en die bruto wins op hierdie verkope is R147 000, is die persentasie bruto wins:

$R147\ 000 \div R245\ 000 \times 100 = 60\%$. Sonder om 'n ingewikkelde berekening te doen, kan mens dadelik sê dat die kosprys 40% (= 100% - 60%) is. Hierdie 40% kan ook soos volg bereken word:

$$R245\ 000 - R147\ 000 [= R98\ 000] \div R245\ 000 \times 100 = 40\%.$$

4.2 Eenvoudige verhoudings:

Hierdie soort verhouding word dikwels in die toedeling van winste tussen vennote gebruik. Die getalle in die verhouding word bymekaar getel en die totaal word in die bedrag wat toegedeel moet word, gedeel. Elke vennoot sal dan sy aandeel (gedeelte) kry deur sy getal in die verhouding met hierdie berekende gedeelte te vermenigvuldig:

As die vennote 'n gelyke deel van die winste moet kry, word die totale bedrag van die wins eenvoudig deur die aantal vennote gedeel, bv. 'n wins van R180 000 moet gelykop deur 3 vennote verdeel word. Elke vennoot sal dus dieselfde bedrag as die ander vennote ontvang, d.w.s. $R180\ 000 \div 3 = R60\ 000$ (in hierdie geval is die verhouding 1:1:1).

Die winste van 'n vennootskap word tot vennote A, B en C in die verhouding 3:2:1 verdeel. 'n Wins van R120 000 moet verdeel word. Dit beteken dat die wins van R120 000 deur 6 [= 3 + 2 + 1] gedeel moet word, dus R20 000. Vennoot A sal 3 dele ontvang (= $R20\ 000 \times 3 = R60\ 000$), vennoot B sal 2 dele ontvang (= $R20\ 000 \times 2 = R40\ 000$) en vennoot C sal 1 deel ontvang (= $R20\ 000 \times 1 = R20\ 000$). Die totale bedrag wat tussen die drie vennote verdeel is, moet natuurlik dieselfde as die totale wins wees (d.i. $R60\ 000 + R40\ 000 + R20\ 000 = R120\ 000$).

Dit gebeur dikwels dat winste in verhouding tot die kapitaalbelegging van elke vennoot verdeel moet word. As vennote X, Y, en Z R200 000, R100 000 en R400 000 in die vennootskap belê het, is die verhouding nou

$$R200\ 000 + R100\ 000 + R400\ 000 = R700\ 000$$

$$= 2:1:4 = 7 \text{ (dele = die kapitaalbydrae, asook die totale kapitaal, gedeel deur } 100\ 000).$$

'n Wins van R280 000 sal soos volg verdeel word:

$$\text{Vennoot X: } (R280\ 000 \div 7 \times 2) = R\ 80\ 000$$

$$\text{Vennoot Y: } (R280\ 000 \div 7 \times 1) = R\ 40\ 000$$

$$\text{Vennoot Z: } (R280\ 000 \div 7 \times 4) = \underline{R160\ 000}$$

$$= \underline{R280\ 000}$$

BYLAAG B: VOORGESTELDE STUDIEPROGRAM VIR 2011**LET WEL:**

Die "VERVALDATUM" is die datum waarop die Werkopdrag die Universiteitskampus in Pretoria **moet bereik**. Laat dus asseblief genoeg tyd toe vir enige posvertraging of tydsverloop - afhange van die afstand na Pretoria.

EERSTE SEMESTER:

DATUM	STUDIEMATERIAAL EN WERKOPDRAGTE
± 14/01 to 18/02 18/02 to 20/02 21/02 28/02	Bestudeer: Studie-eenhede 01 tot 10 Doen Werkopdrag 01 (Verplichtend) Pos Werkopdrag 01 Vervaldatum: Werkopdrag 01
21/02 to 11/03 11/03 to 13/03 21/03 28/03	Bestudeer: Studie-eenhede 11 tot 18 Doen Werkopdrag 02 (Vrywillig) Pos Werkopdrag 02 Vervaldatum: Werkopdrag 02
15/03 to 17/03	Doen Omvattende oefening
Mei:	EKSAMEN STUDIE-EENHEID 1 – 18 (Bevestig die datum by (012) 429-4122)

TWEEDE SEMESTER:

DATUM	STUDIEMATERIAAL EN WERKOPDRAGTE
± 01/07 to 01/08 01/08 to 05/08 08/08 15/08	Bestudeer: Studie-eenhede 01 tot 10 Doen Werkopdrag 01 (Verplichtend) Pos Werkopdrag 01 Vervaldatum: Werkopdrag 01
08/08 to 26/08 26/08 to 28/08 29/08 05/09	Bestudeer: Studie-eenhede 11 tot 18 Doen Werkopdrag 02 (Vrywillig) Pos Werkopdrag 02 Vervaldatum: Werkopdrag 02
27/08 to 31/08	Doen Omvattende oefening
Oktober:	EKSAMEN STUDIE-EENHEID 1 tot 18 (Bevestig die datum by (012) 429-4122)

BYLAAG C: WERKOPDRAG 01 EERSTE SEMESTER

**HIERDIE WERKOPDRAG IS
VERPLIGTEND EN VERLEEN
TOELATING TOT DIE EKSAMEN**

STUDENTE GEREGISTREER:

- **IN DIE EERSTE SEMESTER**
Vervaldatum: 28 Februarie 2011
Unieke nommer: 845168

BYLAAG C: WERKOPDRAG 01 VIR DIE EERSTE SEMESTER**VERVALDATUM: Eerste semester 28 Februarie 2011****UNIEKENOMER: 845168****MOET NIE WERKOPDRAGTE PER FAKS OF E-POS INSTUUR NIE.**

- LW:** 1. Vrae moet op 'n merkleesblad in sagte potlood gekodeer/beantwoord word of dien dit via myUnisa in.
2. Voor beantwoording van hierdie werkopdrag lees asseblief eers paragraaf 6 tot 8 van hierdie studiebrief.
3. Die werkopdrag handel oor studie-eenhede 1 - 10 en bestaan uit 20 meervuldige keuse vrae.
4. **GEEN UITSTEL SAL VIR DIE LAAT INDIENING VAN HIERDIE WERKOPDRAG GEGEE WORD NIE EN GEEN BRIEFWISSELING OF TELEFOONGESPREEK SAL IN HIERDIE VERBAND GEVOER WORD NIE.**
5. **BELANGRIKE SAKE RAKENDE MEERVOUDIGEKEUSE-WERKOPDRAGTE**

'n Merkleesblad word benodig vir die beantwoording van werkopdrag 01. Voordat u 'n merkleesblad voltooi, verwys eers na die voorskrifte in hierdie jaar se uitgawe van "UNISA: DIENSTE EN PROSEDURES". Lees die aanwysings NOUKEURIG en volg dit STRENG na om foute te voorkom.

Werk noukeurig deur die betrokke studiemateriaal voordat u die werkopdrag aanpak.

Werk die vrae op 'n afsonderlike stuk papier uit voordat u die merkleesblad invul.

ONTHOU

- Slegs **een** antwoord per vraag is reg.
- Alle vrae is gelykwaardig.
- Slegs merkleesblaaië verskaf, mag gebruik word.
- Kleur die regte blokkie in met 'n HB potlood.
- Vul u studentenommer reg in.
- Vul die werkopdragnommer reg in.
- Vul die **unieke** werkopdragnommer vir die betrokke semester reg in. Elke werkopdrag wat deur die rekenaar nagesien word, kry 'n unieke nommer. Die nommer bevat inligting oor die kursuskode en werkopdragnommer. Wanneer die merkleesblad deur die rekenaar ingelees word en die unieke nommer is byvoorbeeld 595664, "weet" die rekenaar dat dit Werkopdrag 01 vir die betrokke module is.
- Stuur **slegs** u merkleesblad aan die Werkopdragafdeling in die bypassende koevert.
- Maak seker dat u genoeg merkleesblaaië het.

MOET NIE:

- meer as een merkie per vraag aanbring nie,
- die merkleesblad skeur of vou nie,
- die merkleesblad vaskram aan 'n papier nie,
- die potloodstreep buite die blokkie trek nie,
- die blokkies met 'n pen inkleur nie,
- regstellings met vloeibare uitwisser aanbring nie,
- antwoorde op 'n geskrewe vel papier instuur nie, of
- 'n merkleesblad wat geskeur het, met kleefpapier probeer regmaak nie - gebruik 'n ander een.

WERKOPDRAG 01 (100 punte)**(MEERVOUDIGE KEUSEVRAE)**

Doen hierdie werkopdrag op 'n merkleesblad of dien dit via myUnisa in.

(Doen alle vrae eers op rof voordat u die merkleesblad begin kodeer)

Vraag 1

Watter een van die volgende bewerings is reg?

1. Leen geld van die bank as 'n eksterne gebeurtenis.
2. Rekeningkundige inligting word hoofsaaklik deur eksterne partye gebruik.
3. Ekonomiese aktiwiteite wat in finansiële terme vertaal is word "data" genoem.
4. Rekeningkunde is 'n middel waarmee inligting, met betrekking tot besigheids aktiwiteite, deurgestuur word na bestuur en ander.
5. Nie een van bogenoemde nie

Vraag 2

Watter een van die volgende stellings is onwaar?

1. Volgens die paringsbeginsel word inkomste en koste wat aangegaan is om daardie inkomste voort te bring, in dieselfde finansiële tydperk in berekening gebring.
2. Volgens die konsekwentheidsbeginsel kan inkomste nie in berekening gebring word voordat dit gerealiseer is nie.
3. Die beginsel van omsigtigheid vereis dat, wanneer daar op 'n bepaalde grondslag, metode, werkwyse of benadering besluit is, daarby gehou moet word.
4. Die lopende saak-beginsel vereis dat transaksies en gebeurtenisse sonder 'n wesentliche invloed in verhouding tot die aard en omvang van die entiteit se bedrywighede, nie getoon behoort te word nie.
5. Nie een van bogenoemde nie

Vraag 3

Watter een van die volgende stellings is reg?

1. Die staat van finansiële posisie weerspieël die finansiële resultate van 'n entiteit vir 'n bepaalde dag.
2. Die staat van omvattende inkomste weerspieël die finansiële resultate van 'n entiteit vir 'n bepaalde dag.
3. Volgens die finansiële prestasie stelling, moet die finansiële posisie van 'n entiteit op 'n spesifieke tyd weerspieël word.
4. Volgens die paringsbeginsel word inkomste en uitgawes geboekstaaf in die boeke in die finansiële jaar waarin die kontrak plaasgevind het.
5. Nie een van bogenoemde nie

WERKOPDRAG 1 (vervolg)**Vraag 4**

Die rekenmeester van Golly Bpk het vasgestel dat die verkoopterugsendings- joernaal is met R100 te veel opgetel.

Watter een van die volgende algemene grootboek rekeninge sal deur die fout beïnvloed word?

1. Debiteurekontrolerekening in die algemene grootboek.
2. Aankooprekening in die algemene grootboek.
3. Aankoopterugsendingsrekening in die algemene grootboek.
4. Krediteurekontrolerekening in die algemene grootboek.
5. Nie een van bogenoemde nie

Vraag 5

B. Smith, die eienaar van Our Own Shop, het goedere met 'n verkoopprijs van R200 vir eie gebruik geneem. Verkoopprijs is bepaal met 'n winsopslag van 33_% op kosprijs. Die periodieke voorraadstelsel is in gebruik.

Watter een van die volgende moontlikhede verteenwoordig die algemene grootboek rekening sowel as die uitwerking van die transaksie op die rekeningkundige vergelyking?

	Algemene grootboek rekeninge		Rekeningkundige vergelyking			
	Debiet	Krediet	A	=	L	+ Wins
1.	Onttrekkings	Aankope				+150 -150
2.	B. Smith	Voorraad	+150			
3.	Onttrekkings	Voorraad	-150			-150
4.	Debiteurekontrole	Verkope	+200			+200

5. Nie een van bogenoemde nie

WERKOPDRAG 1 (vervolg)**Vraag 6**

Gedurende Januarie 19.4 was Help Repair Services blootgestel aan die volgende transaksies:

19.4

- Januarie 2 Betaal R1 000 paaiment betaalbaar op lening van X Xavier
 15 Dienste gelewer aan klient op krediet - R500
 30 Betaal Krediteur Pompdienste R1 500 kontant

Watter een van die volgende alternatiewe gee die netto invloed van die bogenoemde transaksies van die uitgebreide rekeningkundige vergelyking van Help Repair Services korrek weer?

	Bates		=	Eienaarsbelang		+	Laste	
	Debiteure	Kontant		Kapitaal	Netto inkomste		Lenings	Krediteure
1	-	- 2 000		-	+ 500		- 1 000	- 1 500
2	+ 500	- 2 500		-	- 500		-	- 1 500
3	+ 500	- 2 500		-	+ 500		- 1 000	- 1 500
4	-	- 3 000		- 1 000	-		- 1 000	- 1 000

5. Nie een van die bogenoemde nie

Vraag 7

Die volgende inligting verskyn in die rekeningkundige state van Sala Beperk gedurende Junie 19.2:

Transaksies:

19.2

- Junie 2 Voorraad verkoop op krediet aan R Raw vir R200 was gedebiteer na die rekening van R Rawly.
 10 D Crooky, a debiteur van R100, was insolvent verklaar. Ontvang 'n finale dividend van R25. Die rekening moet afgesluit word.
 15 Ontvang 'n brief van Korana Wholesalers, verwittig Sala Limited dat hul agterstallige rekening van R500 met R15 rente gedebiteer is.
 28 'n Tjek van R200 wat ontvang is van B Bara vir vereffening van sy rekening van R220 is vandag deur die bank terruggestuur as gevolg van onvoldoende fondse.

Watter een van die volgende bedrae sal gedebiteer word via die algemene jernaal na die debiteurekontrolerekening as diverserekening?

1. R215
2. R235
3. R220
4. R200.
5. Nie een van bogenoemde nie

WERKOPDRAG 1 (vervolg)**Vraag 8**

Flotana (Edms) Bpk gebruik kontrolerekeninge. Watter een van die volgende moontlikhede sal veroorsaak dat die proefbalans nie balanseer nie?

1. Die kortingkolom in die kontantbetalingsjoernaal is na die vereffeningskorting toegestaan-rekening in die algemene grootboek gedebiteer.
2. 'n Krediet aankoopfaktuur is korrek aangeteken as R325 in die aankoopjoernaal, maar die bedrag is verkeerdlik as R235 oorgeboek na die persoonlike rekening van die krediteur.
3. Die bankoortrekking verskyn as 'n kredietsaldo in die proefbalans.
4. 'n Kredietverkoopfaktuur van R1 090 is verkeerdlik as R190 in die verkoopjoernaal aangeteken en as sulks oorgeboek na die persoonlike rekening van die debiteur.
5. Nie een van bogenoemde nie

Vraag 9

Wholesalers Beperk verkoop R1 000 se goeder op krediet aan Jacaranda Retailers op 17 Januarie 19.5, onderworpe aan 'n handelskorting van 20% en 'n kontantkorting van 5% as vereffen word binne 30 dae.

Watter een van die volgende alternatiewe verteenwoordig die korrekte bedrag van die tjek, wat deur Wholesalers Beperk ontvang is van die klient op 16 Maart 19.5?

1. R 760
2. R 750
3. R 800
4. R1 000
5. Nie een van bogenoemde nie

Vraag 10

Watter een van die volgende alternatiewe verwys hoofsaaklik na die doel van ontledingskolomme in die bykomstige joernale?

1. Om meer duidelik te onderskei tussen nominale en regte rekeninge
2. Om die gebruik van brondokumente te verminder.
3. Om die aantal oorboekings in die algemene grootboek so ver as moontlik te verminder.
4. Te help om 'n voor-aansuiwerings proefbalans op te stel.
5. Nie een van bogenoemde nie

WERKOPDRAG 1 (vervolg)**Vraag 11**

Die volgende rekening kom voor in die grootboek van Real Beperk op 28 Februarie 2010, die einde van hul finansiële jaar.

Huur ontvang					
2009 Maart 1	Opgelope inkomste	R 300	2010 Feb. 28	Bank (totale ontvangste vir dir jaar)	R 3 300
			Feb. 28	Opgelope inkomste	600

Watter een van die volgende bedrae verteenwoordig die huur ontvang wat gewys word as inkomste vir die huidige finansiële jaar volgens die toevallingsbeginsel?

1. R3 300
2. R3 000
3. R3 900
4. R3 600.
5. Nie een van bogenoemde nie

Vraag 12

Die volgende inligting vir die jaar geëindig 28 Februarie 2011 verwys na 'n huurkontrak tussen huurder P Poorguy en verhuurder M Money:

	R
Maandelikse huur	500
Huur betaal gedurende die jaar	6 500

Watter een van die volgende alternatiewe verteenwoordig die bedrag met betrekking tot die drie elemente waarna verwys word in die boeke van P Poorguy vir dir jaar geëindig 28 Februarie 2011?

	<u>Ekwiteit</u> (Inkomste/Koste)	<u>Bate</u>	<u>Laste</u>
	R	R	R
1.	6 000	-	500
2.	6 500	-	-
3.	6 500	500	-
4.	6 000	500	-
5.	Nie een van bogenoemde nie		

WERKOPDRAG 1 (vervolg)**Vraag 13**

Gedurende Januarie 2011 koop Gouws Dealers goedere met die waarde van R6 000, een derde is verkoop vir R3 500 gedurende Januarie. Huur en elektrisiteit vir die maand beloop R500 and R80 respektiwelik.

Watter een van die volgende alternatiewe verteenwoordig die totale koste wat in berekening gebring moet word teenoor die inkomste volgens die paringsbeginsel vir Januarie 2011?

1. R6 580
2. R2 000
3. R2 580
4. R3 500
5. Nie een van bogenoemde nie

Vraag 14

Die volgende inligting in verband met die jaar geïndig 31 Desember 2010 verwys na Traders Beperk:

	R
Vorraad - 1 Januarie 2010	10 000
Vorraad - 31 Desember 2010	15 000
Aankope	20 000
Kontantverkope	20 000
Kredietverkope	30 000
Debiteure - 31 Desember 2010	10 000

In terme van die wesensbeginsels, watter een van die volgende antwoorde verteenwoordig die bruto wins vir die jaar geïndig 31 Desember 2010?

1. R35 000
2. R 5 000
3. R25 000
4. R30 000
5. Nie een van bogenoemde nie

Vraag 15

Die volgende inligting kom na vore wanneer die kontantontvangstejoernaal en die kontantbetalingsjoernaal van Lamarlo (Edms) Bpk met die bankstaat op 28 Februarie 2011 vergelyk word:

(i)	<u>Saldo's op 31 Januarie 2011</u>	
	Bankrekening	R750 (gunstig)
	Bankstaat	R10 (oortrek)
(ii)	<u>Saldo's op 28 Februarie 2011</u>	
	Bankrekening (potlood)	R1 050 (gunstig)
	Bankstaat	?

WERKOPDRAG 1 (vervolg)(iii) Verdere inligting:

- (a) Die bank debiteer verkeerdelik die firma se bankrekening met 'n tjek van Marlo Beperk, R150.
- (b) Bankdienste per bankstaat, R20.
- (c) Tjek nog nie aangebied aan die bank vir betaling nie, R250.
- (d) 'n Deposit van R200 wat in die kasboek ingeskryf is op 28 Februarie 2011 verskyn nog nie op die bankstaat nie.
- (e) 'n Tjek ter bedrae van R120 vir lone was in die kasboek as R102 ingeskryf.

Watter een van die volgende saldo's sal jy verwag om op die bankstaat van 28 Februarie 2011 te vind?

- 1. R612 (gunstig)
- 2. R912 (gunstig)
- 3. R1 112 (gunstig)
- 4. R812 (gunstig)
- 5. Nie een van bogenoemde nie

Vraag 16

Met vergelyking van Westphall Traders se kontantontvangstejoernaal en kontantbetalingsjoernaal met die bankstaat op 30 April 2010, stel jy die volgende vas:

- 1. Items wat in die kontantjoernale van April 2010 verskyn wat nie afgetik is in die bankstaat nie:

	R
1.1 'n deposit op 30 April 2010	215
1.2 Tjek nr. 1009 uitgereik op 20 April 2010	100

- 2. Items wat op die bankstaat verskyn en nie afgetik kon word op die kontantjoernale van April 2010 nie:

2.1 'n Deposit wat verskyn op die kontantjoernale van Maart	295
2.2 'n Deposit wat direk in die firma se bankrekening inbetaal is deur 'n huurder	250
2.3 'n Deposit wat op die rekening van West Hall Traders moes verskyn het	150
2.4 'n Tjek nr. 895763 getrek deur Western Traders	85
2.5 Rente R10 en bankkoste R20	30
2.6 'n Tjek nr. 1000 uitgereik op 30 Maart 2010	210

- 3. Bykomende inligting:
Die bank saldo's was as volg:

Oortrekking op 1 April 2010 (ink)	110
Gunstig op 30 April 2010 (potloodl)	200

WERKOPDRAG 1 (vervolg)

Watter een van die volgende bedrae verteenwoordig die saldo soos per bankstaat op 30 April 2010?

1. R370 gunstig
2. R60 gunstig
3. R160 gunstig
4. R285 gunstig
5. Nie een van bogenoemde nie

Vraag 17

Jy is die rekenmeester van Vetjan en Marjan (Edms) Bpk. Die volgende inligting vir Maart 2010 was verkry van die rekords voor aansuiwerings gedoen is:

	R
Totale verkope vir die maand	40 000
Kontant ontvangste van debiteure	24 000
Vereffeningskorting toegestaan in verband met ontvangste van debiteure gedurende die maand	750

Bykomende inligting:

- (i) Die verkoopsjoernaal is te veel opgetel met R1 000.
- (ii) Die kontantverkope vir die maand bedrae R9 000.
- (iii) Die debiteurekontrolerekening wys 'n debiet saldo van R30 500 op 1 Maart 2010.
- (iv) Die kaart van 'n krediteur met 'n debiet saldo was oorgeboek na die debiteure se grootboek. Hierdie persoon sal in die toekoms 'n debiteur wees, R1 000.

Watter een van die volgende alternatiewe verteenwoordig die korrekte saldo van die debiteurekontrolerekening op 31 March 2010?

1. R35 750
2. R36 750
3. R38 250
4. R38 750.
5. Nie een van bogenoemde nie

WERKOPDRAG 1 (vervolg)**Vraag 18**

Volgens die rekeningkundige rekords van Benar Traders het die volgende transaksie, onder andere, gedurende Julie 2010 plaasgevind:

- Julie 19.0 1 Koop goedere op krediet vir R500 van Devilo Wholesalers, onderworpe aan 'n handelskorting van 20%.
 5 Die rekenmeester van S Crooky, 'n debiteur van 150, was as oninbaar afgeskryf.
 8 'n Tjek van R200, ontvang van S Demark was na die bank teruggestuur gemerk "V/T". Demark het voorheen sy rekening van R210 vereffen met die tjek.
 15 Goedere met die waarde van R240 was op krediet verkoop aan D Man, maar verkeerdelik na die rekening van D Manner gedebiteer.
 16 'n Rekening van R300 betaalbaar aan C Credito (vervaldatum 18 Julie 2010) was gekanselleer en vervang deur 'n tjek vir R150 en 'n nuwe rekening vir R150, betaalbaar op 18 September 2010.
 25 Krediet verliese van R100, voorheen afgeskryf, was ingevorder in kontant.
 30 Rente van R15 was gehef op die agterstallige rekening van D Debito (debiteur) deur middel van 'n adviesbrief.

Nota: Kontrolerekening en hulpjoernale is in gebruik.

Watter een van die volgende alternatiewe verteenwoordig die korrekte totale van die verskillende kolomme van algemene joernale, gegewe dat die bogenoemde transaksies die enigste was?

	Ander algemene grootboek rekeninge		Debiteurekontrole		Krediteurekontrole	
	Dt R	Kt R	Dt R	Ktr R	Dt R	Ktr R
1	450	25	265	390	-	300
2	950	625	465	390	300	700
3	450	525	465	390	300	300
4	450	165	255	390	150	300

5. Nie een van bogenoemde nie

WERKOPDRAG 1 (vervolg)**Vraag 19**

Walter Polano ondervind moeilikheid om sy debiteurekontrolerekening se saldo te rekonsilieer met die totale van die lys van debiteure saldos op 30 Junie.

Die voorlopige saldo op die debiteurekontrolerekening op 30 Junie bedrae R16 694. Jy word gevra om Mr Polano te help om die laasgenoemde bedrag met die totale van die lys van debiteure saldo's te rekonsilieer. By kontrole van die oorboekings en totaal van debiteure-rekeninge, stel jy die volgende vas:

- (a) 'n Kredietnota vir R60 aan R Sales, is korrek oorgeboek in die toepaslike joernaal, maar is nooit na sy rekening oorgeboek nie.
- (b) Rente met die bedrag van R45 gehef op 'n agterstallige debiteur se rekening was as 'n krediet van R54 in die debiteure kolom van die algemene joernaal gelys.

Watter een van die volgende bedrae verteenwoordig die korrekte netto total (debet saldos minus krediet saldos) van die lys van debiteure saldos op 30 Junie?

1. R16 793
2. R16 853
3. R16 685
4. R16 703
5. Nie een van bogenoemde nie

Vraag 20

Die volgende inligting vir Februarie 2011 was geneem van die boeke van Pedi Traders:

(1)	<u>Inligting op 1 Februarie 2011</u>	R
	Saldos van die debiteurekontrolerekening (Dt)	20 100
(2)	<u>Inligting op 28 Februarie 2011</u>	R
(a)	Potlood totale van sekere hulpjoernale voor enige korreksies:	
	Verkoopjoernaal	21 200
	Aankoopjoernaal	15 320
	Kontantontvangstejoernaal: Ontvangste van debiteure	19 500
	Kontantbetalingsjoernaal: Tjeks geweier deur die bank en terug- geskryf na hul rekenings	690
	Tjeks uitgereik aan sekere debiteure vir betaling van hul krediet saldos	310
	Aankoopterugsendingsjoernaal	1 320

WERKOPDRAG 1 (vervolg)

(b) Algemeen

- (i) Dit was ontdek dat huur ontvang ontleed was onder die "Debiteure" kolom, R400. Geen korreksies is tot dusver gemaak nie.
- (ii) 'n Item in die verkoopjoernaal was korrek geboekstaaf maar nie oorgeboek na die betrokke debiteur se grootboekrekening nie, R300.
- (iii) Die lys van debiteure met krediet saldos op 28 Februarie 2011 bedrae R360.

Watter een van die volgende bedrae verteenwoordig die saldo van die debiteurekontrolerekening op 28 Februarie 2011 nadat al die aansuiwerings aangebring is?

- 1. R23 200
- 2. R23 560
- 3. R22 800
- 4. R23 860
- 5. Nie een van bogenoemde nie

EINDE VAN WERKOPDRAG 1 VIR EERSTE SEMESTER

BYLAAG D: WERKOPDRAG 01 TWEEDE SEMESTER

**HIERDIE WERKOPDRAG IS
VERPLIGTEND EN VERLEEN
TOELATING TOT DIE EKSAMEN**

STUDENTE GEREGISTREER

- **VIR DIE TWEEDE SEMESTER**
Vervaldatum: 15 Augustus 2011
Unieke nommer: 773022

BYLAAG D: WERKOPDRAG 01 VIR DIE TWEEDE SEMESTER**VERVALDATUM: Tweede semester - 15 AugustUS 2011****UNIEKENOMMER: 773022****MOET NIE WERKOPDRAGTE PER FAKS OF E-POS INSTUUR NIE.**

- LW:** 1. Vrae moet op 'n **merkleeskaart** beantwoord word of dien dit via myUnisa in. Die werkstuk word elektronies nagesien, daarom diat u **streng** moet hou by die **MERKLEESBLAD EN DIE INDIENINGSDATUM**.
2. Voor beantwoording van hierdie werkopdrag lees asseblief eers paragraaf 6 tot 8 van hierdie studiebrief.
3. Die werkopdrag handel oor studie-eenhede 1 - 10 en bestaan uit 20 meervoudige keuse vrae.
4. **GEEN UITSTEL SAL VIR DIE LAAT INDIENING VAN HIERDIE WERKOPDRAG GEGEE WORD NIE EN GEEN BRIEFWISSELING OF TELEFOONGESPREEK SAL IN HIERDIE VERBAND GEVOER WORD NIE.**
5. **BELANGRIKE SAKE RAKENDE MEERVOUDIGEKEUSE-WERKOPDRAGTE**

'n Merkleesblad word benodig vir die beantwoording van werkopdrag 01. Voordat u 'n merkleesblad voltooi, verwys eers na die voorskrifte in hierdie jaar se uitgawe van "UNISA: DIENSTE EN PROSEDURES". Lees die aanwysings NOUKEURIG en volg dit STRENG na om foute te voorkom.

Werk noukeurig deur die betrokke studiemateriaal voordat u die werkopdrag aanpak.

Werk die vrae op 'n afsonderlike stuk papier uit voordat u die merkleesblad invul.

ONTHOU

- Slegs **een** antwoord per vraag is reg.
- Alle vrae is gelykwaardig.
- Slegs merkleesblaai verskaf, mag gebruik word.
- Kleur die regte blokkie in met 'n HB potlood.
- Vul u studentenommer reg in.
- Vul die werkopdragnommer reg in.
- Vul die **unieke** werkopdragnommer vir die betrokke semester reg in. Elke werkopdrag wat deur die rekenaar nagesien word, kry 'n unieke nommer. Die nommer bevat inligting oor die kursuskode en werkopdragnommer. Wanneer die merkleesblad deur die rekenaar ingelees word en die unieke nommer is byvoorbeeld 595688, "weet" die rekenaar dat dit Werkopdrag 01 vir die betrokke module is.
- Stuur **slegs** u merkleesblad aan die Werkopdragafdeling in die bypassende koevert.
- Maak seker dat u genoeg merkleesblaai het.

WERKOPDRAG 01 (TWEEDE SEMESTER) (vervolg)**MOET NIE:**

- meer as een merkie per vraag aanbring nie,
- die merkleesblad skeur of vou nie,
- die merkleesblad vaskram aan 'n papier nie,
- die potloodstreep buite die blokkie trek nie,
- die blokkies met 'n pen inkleur nie,
- regstellings met vloeibare uitwisser aanbring nie,
- antwoorde op 'n geskrewe vel papier instuur nie, of
- 'n merkleesblad wat geskeur het, met kleefpapier probeer regmaak nie - gebruik 'n ander een.

SLEGS TWEEDE SEMESTER**WERKOPDRAG 01 (100 punte)****(MEERVOUDIGE KEUSEVRAE)**

Doen hierdie werkopdrag op 'n merkleesblad of dien dit via myUnisa in.

(Doen alle vrae eers op rof voordat u die merkleesblad begin kodeer)

Vraag 1

Die volgende stellings verwys na die natuur en funksie van rekeningkunde:

- (i) Finansiële inligting word vereis slegs by die ondernemings wat maksimum wins nastreef.
- (ii) 'n Rekeningkundige entiteit is 'n onafhanklike bestaande ekonomiese eenheid, die finansiële transaksies daarvan moet afsonderlik van enige ander eenhede mee gehandel word.
- (iii) Bestuursrekeningkunde handel met die verslagdoening van die finansiële prestasies van 'n entiteit as geheel.
- (iv) Die finansiële posisie van 'n onderneming word die beste weerspieël met die bankstaat.
- (v) Met die aankoms van die rekenaar was geen wysigings aan die teorie van rekeningkunde nodig nie.
- (vi) Alle laste betaalbaar binne een jaar moet as lopende laste beskou word.

Watter een van die volgende groepe weerspieël al die korrekte stellings wat waar is?

- 1. (i) (iii) (v)
- 2. (ii) (iv) (vi)
- 3. (i) (v) (vi)
- 4. (ii) (v) (vi)
- 5. Nie een van bogenoemde nie

Vraag 2

Hoe baie van die volgende stellings is korrek?

- (i) Kommunikasie van finansiële inligting is bekend as verslagdoening.
- (ii) Hoe meer die finansiële state subjektiewe opinie van bestuur verteenwoordig, hoe waardevolle is die inligting vir die gebruiker.
- (iii) Die toepassing van die konsep van konsekwentheid is belangrik as gebruikers op finansiële state staat maak.
- (iv) Omsigtigheid is 'n kwalitatiewe beperking op rekeningkundige inligting.

- 1. Een
- 2. Twee
- 3. Drie
- 4. Vier
- 5. Nie een van bogenoemde nie

WERKOPDRAG 1 (vervolg)**Vraag 3**

Watter een van die volgende stellings is verkeerd?

1. Die beleid van wesenskap vereis dat slegs transaksies en gebeurtenisse wat 'n groot invloed op die natuur en omvang van die entiteit se aktiwiteite het moet in berekening gebring word.
2. Volgens die kostebeginsel, bates moet aanvanklik in berekening gebring word in die rekeningkundige proses teen kosprys waarteen die entiteit die bates bekom het.
3. Die realisasie beginsel bepaal dat koste en verliese in berekening gebring word so gou as moontlik as wat dit voorgekom het.
4. Die beleid van konsekwentheid vereis dat 'n spesifieke basis, metode, prosedure of benadering eens verkies, moet instand gehou word.
5. Nie een van die bogenoemde nie

Vraag 4

Boo-Bip Co Ltd gebruik kontrole rekeninge in hulle rekeningkundige stelsel. Watter een van die volgende foute/weglatings sal die debiteurekontrole rekening beïnvloed?

1. Die aankoopterugsendingjoernaal was te min opgetel met R60.
2. 'n Faktuur vir goedere verkoop vir kontant aan B Bean vir R300 was glad nie in die boeke ingeskryf nie.
3. Goedere met die waarde van R45, teruggestuur deur E Emery, was nooit in die boeke ingeskryf nie, alhoewel die nodige debiet nota uitgemaak is.
4. 'n Faktuur vir R300 was nie oorgeboek van die verkoopjoernaal na die rekening van P Perry nie.
5. Nie een van bogenoemde nie

WERKOPDRAG 1 (vervolg)**Vraag 5**

Xanta Beperk verkoop 'n masjien, wat oorspronklik R500 gekos het, aan Alpha Beperk vir R750 op krediet.

Watter een van die volgende alternatiewe weerspieël die invloed van die bogenoemde transaksies korrek op die rekeningkundige vergelyking van Xanta Beperk?

	Bates	=	Laste	+	Eienaars ekwiteit
1.	-R750		+ R750		
2.	-R750 +R750				
3.	+R750		+ R500		+ R250
4.	+R750 -R500				+ R250
5.	Nie een van bogenoemde nie				

Vraag 6

Die volgende transaksies was ingesluit by 'n firma vir konsulerende ingenieurs wat met 'n gunstige bank saldo besigheid doen:

- (i) Tjek ontvang vir betaling van dienste gelewer op krediet - R3 000
- (ii) Tjek uitgereik vir betaling van kantoor huur - R2 500
- (iii) Tjek uitgereik aan 'n krediteur vir betaling van 'n uitstaande rekening - R1 200
- (iv) Tjek vir R4 000 uitgereik vir betaling van bates gekoop vir kontant.

Watter een van die volgende altnratiewe verteenwoordig die effek van die bogenoemde transaksies op die eienaar se ekwiteit vir die firma?

- 1. +R 500
- 2. -R2 500
- 3. -R4 700
- 4. +R3 000
- 5. Nie een van bogenoemde nie

WERKOPDRAG 1 (vervolg)**Vraag 7**

In die proses om die boekhouer van Rapid Services te help om die proefbalans op 28 Februarie 2011 reg te maak, het die volgende foute, wat die verskil in die totale van die proefbalans veroorsaak het, na vore gekom. Kontrole rekeninge is in gebruik.

- a) Die total van die Februarie 2011 kontantbetalingsjoernaal wat R29 800 bedrae is nog nie na die bankrekening in die algemene grootboek oorgeboek nie. Die besigheid word bedryf op 'n oortrokke bankrekening.
- b) 'n Betaling van R300 aan 'n krediteur was in die kontantbetalingsjoernaal en oorgeboek na die krediteur se persoonlike rekening, maar dit is nie ontleed in die krediteure kolom van die kontantbetalingsjoernaal nie.
- c) Huur ten bedrae van R600, betaal vir Februarie 19.5, was korrek in die kontantbetalingsjoernaal ingeskryf, maar na die krediet kant van die huur rekening in die algemene grootboek oorgeboek.

Watter een van die volgende bedrae verteenwoordig die verskil in die totaal van die proefbalans, voor die bogenoemde foute reggemaak is?

1. R28 000
2. R29 500
3. R28 300
4. R29 800
5. Nie een van bogenoemde nie

Vraag 8

Die volgende na-afsluitings proefbalans op 31 Januarie 2011 was deur 'n onervare boekhouer van Help-my-sukkel Traders opgestel:

Proefbalans op 31 Januarie 2011

	R	R
Afleweringvoertuig teen kosprys	80 000	
Opgelope waardevermindering: Afleweringsvoertuig	20 000	
Debiteure	28 000	
Krediteure		40 000
Vaste deposito by UK Bank		10 000
Opgelope inkomste		5 000
Vooruitbetaalde uitgawes	3 000	
Voorraad - goedere		83 000
Kapitaal - 1 Februarie 2010		150 000
Netto inkomste vir die jaar	50 000	
	181 000	181 000

Die proefbalans se saldus, maar met die verkeerde totale.

Met die kontrole van die proefbalans, het jy gevind dat sommige van die bedrae, alhoewel korrek, op die verkeerde kant van die proefbalans gelys is. Verder het die boekhouer ook die bank saldo uitgelaat.

WERKOPDRAG 1 (vervolg)

Watter een van die volgende antwoorde verteenwoordig die bank saldo?

1. R67 000 gunstig
2. R81 000 gunstig
3. R51 000 gunstig
4. R61 000 gunstig
5. Nie een van bogenoemde nie

Vraag 9

Watter een van die volgende alternatiewe verteenwoordig die kant en algemene grootboek rekening waarna die totaal van die vereffeningskortingkolom in die kontantbetalingsjoernaal maandeliks gepos moet word?

Die “betalings aan krediteure” kolom sluit die bedrag van die werklike betalings sowel as die korting in.

1. Debit kant van die vereffeningskorting ontvang rekening.
2. Debit kant van die krediteurekontrole rekening.
3. Krediet kant van die vereffeningskorting toegestaan rekening.
4. Krediet kant van die vereffeningskorting ontvang rekening.
5. Nie een van bogenoemde nie

Vraag 10

Die volgende rekening verskyn in die algemene grootboek van Stardust Beperk.

Krediet verliese			
	30/1/2011	Verkope	300

Watter een van die volgende boeke van eerste inskrywing (hulp boeke) was gebruik om die aansuiwerings op 30 Januarie 2011 te maak?

1. Verkoopjoernaal
2. Algemene joernaal
3. Kontantontvangstejoernaal
4. Wisselontvangstejoernaal
5. Nie een van bogenoemde nie

WERKOPDRAG 1 (vervolg)**Vraag 11**

Op 1 Junie 2010 Dan Traders, belê R100 000 by die O K Bank teen 'n rentekoers van 13% per jaar. Geen tussentydse rente betalings was gemaak deur O K Bank omtrent die belegging tot en met 31 Desember 2010, die einde van Dan Trader se finansiële jaar nie.

Watter een van die volgende joernaal inskrywings weerspieël die korrekte aansuiwerings wat gemaak moet word op 31 Desember 2010 in die boeke van Dan Traders met betrekking tot die bogenoemde?

	R	R
1. Opgelope inkomste	7 583	
Rente ontvang		7 583
<u>Afgerond</u>		
2. Rente ontvang	7 583	
Opgelope inkomste		7 583
<u>Afgerond</u>		
3. Rente ontvang	5 417	
Opgelope inkomste		5 417
<u>Afgerond</u>		
4. Opgelope inkomste	5 417	
Rente ontvang		5 417
<u>Afgerond</u>		
5. Nie een van bogenoemde nie		

Vraag 12

Happy Beperk neem drie versekeringspolisse uit gedurende 2010, naamlik een op 1 April, 1 Julie en 31 Desember. Die jaarlikse premies (vooruitbetaalbaar) was R2 000, R3 000 and R1 000 onderskeidelik.

Watter een van die volgende alternatiewe sal in die staat van omvattende inkomste van die entiteit met betrekking tot die "versekering" vir die jaar geëindig 31 Desember 2010 verskyn?

1. Versekering - R3 000
2. Vooruitbetaalde uitgawes (versekering) - R3 000
3. Versekering - R6 000
4. Versekering - R5 000.
5. Nie een van bogenoemde nie

WERKOPDRAG 1 (vervolg)**Vraag 13**

Op 1 Desember 2010 ontvang ABC Beperk 'n bedrag van R2 400 wat 'n fooi vir dienste verteenwoordig wat op 'n maandelikse basis gelewer word gedurende die ses maande 1 Januarie 2011 tot 30 Junie 2011.

Op 1 Januarie 2011 moet ABC Bpk 'n vooruitbetaling van R600 maak vir huur vir die periode 1 Januarie 2011 tot 31 Maart 2011. Die laasgenoemde betaling was nodig om ABC Bpk in die posisie te stel om van die bogenoemde dienste gebruik te maak.

Watter een van die volgende bedrae verteenwoordig die netto wins/verlies van ABC Bpk, voortvloeiend uit die bogenoemde, vir die period geïndig 28 Februarie 2011, die einde van die finansiële jaar? (Die parings- sowel as die toevallingsbeginsel moet deel vorm van die basis vir die berekening.)

1. R 400 wins
2. R 800 wins
3. R1 800 wins
4. R 600 verlies
5. Nie een van bogenoemde nie

Vraag 14

Gedurende 2009 verkoop White Dairy koepons aan kliente teen die waarde van R150 000. Gedurende 2009 is egter slegs R135 000 se waarde van koepons vir melk ingeruil. Gedurende 2010 is koepons met die waarde van R140 000 verkoop terwyl koepons met die waarde van R143 000 ingeruil is vir melk.

Volgens die toevallingsbeginsel, watter een van die volgende antwoorde verteenwoordig die inkomste vir 2010?

1. R135 000
2. R143 000
3. R147 000
4. R140 000
5. Nie een van bogenoemde nie

Vraag 15

Jy is die ouditeur van Vosrau (Edms) Bpk. Met die vergelyking van die kasboek (kontantontvangste- en kontantbetalingjoernale) met die bankstaat op 31 Maart 2010, stel jy die volgende vas:

1. Items in die kontantontvangste- en kontantbetalingsjoernaal van Maart 2010 wat nie afgetik kon word op die bankstaat nie:

	R
1.1 'n Deposit op 31 Maart 2010	325
1.2 Tjek nommer 2001 uitgereik op 28 Maart 2010	450

WERKOPDRAG 1 (vervolg)

2. Items op die bankstaat wat nie afgetik kon word in die kasboek (kontantontvangste- en kontantbetalingsjoernaal) van Maart 2010:
- | | | |
|-----|--|-----|
| 2.1 | Tjek nommer 1801 uitgereik op 27 Februarie 2010 | 350 |
| 2.2 | 'n Deposit direk in die entiteit se bankrekening inbetaal deur 'n debiteur C. Os | 475 |
| 2.3 | 'n Deposit wat op die rekening van Rauvos (Edms) Bkp moes verskyn het | 150 |
| 2.4 | Rente op oortrokke bank, R25 en bankkoste R15 | 40 |
3. Bykomende inligting:
- | | |
|---|-----|
| Oortrokke bank per bankstaat op 31 Maart 2010 | 225 |
|---|-----|

Watter een van die volgende bedrae verteenwoordig die korrekte saldo op die bankrekening in die algemene grootboek op 31 Maart 2010?

1. R100 gunstig
2. R250 gunstig
3. R500 ongunstig
4. R850 ongunstig
5. Nie een van bogenoemde nie

Vraag 16

Die volgende transaksies by Heymans Beperk kom voor gedurende Oktober 2010:

1. Rente ontvang op belegging by Bay Bank - R180.
2. Kontantverkope vir die maand - R1 600.
3. E Wallis, 'n krediteur, betaal R120 op sy rekening.
4. Verkoop goedere op krediet aan M May vir R500.
5. Huur betaal - R100.
6. Goedere aangekoop op krediet van E Wallis vir R200.
7. 'n Tjek van R100 was aan E Wallis gestuur vir gedeeltelike betaling van sy skuld.
8. M May stuur goedere terug, nie geskik vir gebruik, met 'n verkoopprijs van R50.

Watter een van die volgende bedrae verteenwoordig die korrekte saldo op die bankrekening in die algemene grootboek van Heymans Beperk op 31 Oktober 2010, nadat die totale van die kontantjoernale oorgedra is? Die gunstige bank saldo op 1 Oktober 2010 bedrae R200.

1. R1 460 Kt
2. R1 710 Kt
3. R1 660 Dt
4. R2 160 Dt
5. Nie een van bogenoemde nie

WERKOPDRAG 1 (vervolg)**Vraag 17**

Die volgende inligting was onttrek van die rekeningkundige records van Cord Beperk op 28 Februarie 2011:

<u>Saldo's op 31 Januarie 2011:</u>	R
Debiteurekontrolerekening	13 500
Krediteurekontrolerekening	10 500
Voorraad	12 500

<u>Saldo's op 28 Februarie 2011:</u>	
Debiteurekontrolerekening	10 000
Krediteurekontrolerekening	12 150
Voorraad	15 000

Uittreksel van die kontantbetalingsjoernaal op 28 Februarie 2011:

Betalings na krediteure	35 850
-------------------------	--------

Bykomende inligting:

- (a) Bruto wins winsopslag is 20% op koste.
- (b) Voorraad is gehou op die deurlopende voorraadstelsel.
- (c) Alle aankope en verkope vind plaas op krediet.

Watter een van die volgende alternatiewe verteenwoordig die korrekte kombinasie van (i) krediet verkope en (ii) ontvangste van debiteure gedurende Februarie 2011?

	<u>Krediet verkope</u>	<u>Ontvangste van debiteure</u>
	R	R
1.	35 000	38 500
2.	42 000	16 340
3.	65 000	68 500
4.	42 000	45 500
5.	Nie een van bogenoemde nie	

WERKOPDRAG 1 (vervolg)**Vraag 18**

Die volgende rekening verskyn in die debiteure grootboek van Kobie Importers:

Boutique Magda

2011			R	2011			R
Jan 1	Saldo	a/b	4 000	Jan 5	Bank	KOJ	4 000
8	Verkope	VJ	3 300	5	Bank	KOJ	3 000
10	Verkooperugsendings	VTJ	300	30	Saldo	o/d	3 150
30	Vereffeningsskorting toegestaan	KOJ	150				
31	Verkope	VJ	2 400				
			10 150				10 150
31	Saldo	a/b	3 150				

Die saldo op 1 Januarie 2011 was korrek maar verskeie foute was gemaak met die boekstaving van die bogenoemde rekening:

Die goedere teruggestuur op 10 Januarie was deel van die verkope op 8 Januarie. Volgens die kontantontvangstejoernaal was 'n tjek van R2 850 ontvang op 30 Januarie vir vereffening van die rekening van R3 000.

Watter een van die volgende bedrae verteenwoordig die korrekte debiet saldo van die rekening?

1. R3 000
2. R2 400
3. R2 100
4. R2 250
5. Nie een van bogenoemde nie

Vraag 19

Die volgende inligting was geneem uit die rekeningkundige rekords van Vals Bpk op 30 April 2010 voor enige aansuiwerings, of afsluitingsinskrywings gedoen is:

	R
Handelsdebiteure	30 640
Toelaag vir krediet verliese (saldo op 1 Mei 2009)	1 500
Krediet verliese afgeskryf gedurende die jaar	600

Bykomende inligting:

'n Verdere bedrag van R140 moet afgeskryf word as krediet verliese. Toelaag vir krediet verliese moet aangesuiwer word na 5% van die debiteure.

WERKOPDRAG 1 (vervolg)

Watter een van die volgende alternatiewe verteenwoordig die netto bedrag in verband met debiteure wat geopenbaar moet word op die staat van finansiële posisie van Vals Bpk op 30 April 2010?

1. R30 500
2. R29 000
3. R28 975
4. R28 405
5. Nie een van bogenoemde nie

Vraag 20

Jy is die rekenmeester van Vetjan en Marjan (Edms) Bpk. Die volgende inligting vir Maart 2010 was verkry van die rekords voor aansuiwerings gedoen is:

	R
Totale verkope vir die maand	40 000
Kontant ontvangste van debiteure	24 000
Vereffeningsskorting toegestaan in verband met ontvangste van debiteure gedurende die maand	750

Bykomende inligting:

- (i) Die verkoopsjoernaal is te veel opgetel met R1 000.
- (ii) Die kontantverkope vir die maand bedrae R9 000.
- (iii) Die debiteurekontrolerekening wys 'n debiet saldo van R30 500 op 1 Maart 2010.
- (iv) Die kaart van 'n krediteur met 'n debiet saldo was oorgeboek na die debiteure se grootboek. Hierdie persoon sal in die toekoms 'n debiteur wees, R1 000.

Watter een van die volgende alternatiewe verteenwoordig die korrekte saldo van die debiteurekontrolerekening op 31 Maart 2010?

1. R35 750
2. R36 750
3. R38 250
4. R38 750.
5. Nie een van bogenoemde nie

EINDE VAN WERKOPDRAG 1 VIR TWEEDE SEMESTER

BYLAAG E

WERKOPDRAG 02

EERSTE SEMESTER ALLEEN

HIERDIE WERKOPDRAG IS VERPLIGTEND.

PUNTE IN HIERDIE WERKOPDRAG BEHAAL,
BEÏNVLOED **NIE** U EKSAMENTOELATING
NIE. DIT BEÏNVLOED 5% VAN U JAARPUNT
VAN 10%.

STUDENTE GEREGISTREER

- **VIR DIE EERSTE SEMESTER**
Vervaldatum: 28 MAART 2011
Unieke nommer: 780850

BYLAAG E: WERKOPDRAG 02 VIR DIE EERSTE SEMESTER (100 marks)**VERVALDATUM:** 28 Maart 2011**UNIEKENOMMER:** 780850**MOET NIE WERKOPDRAGTE PER FAKS OF E-POS INSTUUR NIE.**

- LW:** 1. Vrae moet in potlood op 'n merkleeskaart beantwoord word of dien dit via myUnisa in.
2. Voor beantwoording van hierdie werkopdrag lees asseblief eers paragraaf 6 tot 8 van hierdie studiebrief.
3. Die werkopdrag handel oor studie-eenhede 1 – 10 en bestaan uit 20 meervoudige keuse vrae.
4. **GEEN UITSTEL SAL VIR DIE LAAT INDIENING VAN HIERDIE WERKOPDRAG GEGEE WORD NIE EN GEEN BRIEFWISSELING OF TELEFOONGESPREEK SAL IN HIERDIE VERBAND GEVOER WORD NIE.**
5. **BELANGRIKE SAKE RAKENDE MEERVOUDIGEKEUSE-WERKOPDRAGTE**
- ◆ 'n Merkleesblad word benodig vir die beantwoording van werkopdrag 01. Voordat u 'n merkleesblad voltooi, verwys eers na die voorskrifte in hierdie jaar se uitgawe van "UNISA: DIENSTE EN PROSEDURES". Lees die aanwysings NOUKEURIG en volg dit STRENG na om foute te voorkom.
 - ◆ Werk noukeurig deur die betrokke studiemateriaal voordat u die werkopdrag aanpak.
 - ◆ Werk die vrae op 'n afsonderlike stuk papier uit voordat u die merkleesblad invul.

ONTHOU

- Slegs **een** antwoord per vraag is reg.
- Alle vrae is gelykwaardig.
- Slegs merkleesblad verskaf, mag gebruik word.
- Kleur die regte blokkie in met 'n HB potlood.
- Vul u studentenommer reg in.
- Vul die werkopdragnommer reg in.
- Vul die **unieke** werkopdragnommer vir die betrokke semester reg in. Elke werkopdrag wat deur die rekenaar nagesien word, kry 'n unieke nommer. Die nommer bevat inligting oor die kursuskode en werkopdragnommer. Wanneer die merkleesblad deur die rekenaar ingelees word en die unieke nommer is byvoorbeeld 595688, "weet" die rekenaar dat dit Werkopdrag 01 vir die betrokke module is.
- Stuur **slegs** u merkleeskaart aan die Werkopdragafdeling in die bypassende koevert.
- Maak seker dat u genoeg merkleesblaaië het.

WERKOPDRAG 02 (vervolg)**MOET NIE:**

- meer as een merkie per vraag aanbring nie,
- die merkleesblad skeur of vou nie,
- die merkleesblad vaskram aan 'n papier nie,
- die potloodstreep buite die blokkie trek nie,
- die blokkies met 'n pen inkleur nie,
- regstellings met vloeibare uitwisser aanbring nie,
- antwoorde op 'n geskrewe vel papier instuur nie, of
- 'n merkleesblad wat geskeur het, met kleefpapier probeer regmaak nie - gebruik 'n ander een.

BYLAAG E: WERKOPDRAG 02 VIR DIE EERSTE SEMESTER (100 punte)**VERVALDATUM:** 28 Maart 2011**UNIEKE NOMMER:** 780850**(MEERKEUSEVRAE)**

Doen hierdie werkopdrag op 'n merkleesblad en pos dit, of dien dit met myUnisa in.
(Doen alle vrae eers op rofwerk om die korrekte antwoorde te bepaal)

Vraag 1

Gedurende Maart 2011 het BB Handelaars goedere teen 'n waarde van R7 200 aangekoop, waarvan een derde reeds gedurende Maart vir R5 400 verkoop is. Huurgeld en elektrisiteit vir Maart het onderskeidelik R600 en R210 beloop.

Watter een van die volgende alternatiewe verteenwoordig die totale koste wat vir Maart 2011 in terme van die paringsbeginsel, teen inkomste in ag geneem moet word.

1. R8 010
2. R4 410
3. R3 210
4. R2 610
5. Geen van die bogemelde nie.

Vraag 2

Karoo Handelaars beoog om op 2 Januarie 2011 met besigheid te begin. Op hierdie datum sal die eienaar, Mnr Skaap, R2 000 kontant in die bankrekening van die besigheid deponeer.

Mnr Skaap beraam die volgende vir die kwartaal wat op 31 Maart 2011 eindig:

- (a) Aankope, onderworpe aan 120 dae krediet, sal na verwagting R300 per maand beloop.
- (b) Verkope vir Januarie word op R1 000 geraam. 'n Toename van 10% per maand word op die vorige maand se verkope verwag. Die helfte van verkope sal vir kontant wees en die res sal op 30 dae krediet wees.
- (c) Diverse administratiewe uitgawes betaalbaar in kontant sal eweredig oor die jaar versprei word en word op R2 000 per jaar geraam.

Watter een van die volgende bedrae verteenwoordig die korrekte verwagte banksaldo op 31 Maart 2011?

1. R3 155
2. R3 305
3. R4 205
4. R2 705
5. Nie een van die bogemelde nie.

WERKOPDRAG 02 (vervolg)**Vraag 3**

Met die rekonsiliasie van die kontantjoernale met die bankstaat van Karoo Handelaars is gevind dat die bank die instelling se rekening met R85 vir die premie op die gebou se versekeringspolis by die Noble Versekeringsmaatskappy, gedebiteer het.

Watter een van die volgende alternatiewe verteenwoordig die kontra-grootboekrekening wat met die bedrag gedebiteer moet word?

1. Grond en geboue
2. Versekering
3. Noble Versekeringsmaatskappy
4. Bank
5. Nie een van die bogemelde nie.

Vraag 4

Die volgende inligting is op 28 Februarie 2011 uit die rekeningkundige rekords van Cord Beperk verkry:

<u>Saldos op 31 Januarie 2011:</u>	R
Debiteurekontrole	13 500
Krediteurekontrole	10 500
Voorraad	12 500

<u>Saldos op 28 Februarie 2011:</u>	
Debiteurekontrole	10 000
Krediteurekontrole	12 150
Voorraad	15 000

Uittreksel uit die kontantbetalingsjoernaal op 28 Februarie 2011:

Betalings aan krediteure	35 850
--------------------------	--------

Verdere inligting:

- (a) Brutowins winsopslag is 20% op koste.
- (b) Voorraad word met die deurlopende ("perpetual") voorraadstelsel gehou.
- (c) Alle aankope en verkope word op krediet gedoen.

WERKOPDRAG 02 (vervolg)**Vraag 4 (vervolg)**

Watter een van die volgende alternatiewe verteenwoordig die regte kombinasie van (i) kredietverkope en (ii) ontvangste van debiteure gedurende Februarie 2011?

	Krediteverkope	Ontvangste vanaf debiteure
	R	R
1.	35 000	38 500
2.	42 000	16 340
3.	65 000	68 500
4.	42 000	45 500
5.	Nie een van die bogemelde nie	

Vraag 5

Die volgende inligting vir February 2011 is uit die rekeningkundige rekords van Kaap Handelaars geneem:

(1)	<u>Inligting op 1 Februarie 2011</u>	R
	Saldo van debiteurekontrolerekening (Dr)	20 640
(2)	<u>Inligting op 28 Februarie 2011</u>	
	(a) Potlood totale van sommige hulpjoernale - voor enige korreksies	
	Verkoopsjoernaal	21 360
	Aankoopsjoernaal	15 320
	Kontantontvangstejoernaal: Ontvangstes van debiteure	19 450
	Kontantbetalingsjoernaal: Tjeks nie deur debiteure gehonoreer nie en teruggeskryf na hul rekeninge	680
	Tjeks uitgereik aan sommige debiteure met kredietsaldo's	320
	Aankoopterugsendingsjoernaal	1 320
	(b) Algemeen	
	(i) Daar is gevind dat R300 huurgelde ontvang onder die kolom vir 'ontvangstes vanaf debiteure' gelys is. Dit is nog nie reggestel nie.	
	(ii) 'n Item in die verkoopsjoernaal van R200 was korrek, maar is nie na die toepaslike grootboekrekening gepos nie. 'n Tjek vir die bedrag is reeds vanaf die debiteur ontvang en in die kontantontvangstejoernaal aangeteken. Daar is geen ander inskrywings in die rekening nie.	
	(iii) Tot 31 Januarie 2011 het geen foute in die rekeningkundige stelsel voorgekom nie.	
	(c) Die debiteurelyste met kredietsaldo's op 28 Februarie 2010 het R350 beloop.	

Watter een van die volgende bedrae verteenwoordig die totaal van die lys van debiteure met debietsaldo's op dieselfde datum voordat aansuiwerings gemaak is?

1. R24 000
2. R24 200
3. R10 200
4. R24 400.
5. Nie een van die bogemelde nie.

WERKOPDRAG 02 (vervolg)**Vraag 6**

Die volgende inligting is uit die rekeningkundige rekords van Miracle Handelaars vir die finansiële jaar wat op 28 Februarie 2011 geëindig het, verkry:

- (a) Die saldo van die debiteurekontrolerekening op 28 Februarie 2011 het die saldo van die debiteurekontrolerekening op 28 Februarie 2011, met R1 450 oorskry.
- (b) Totale verkope was R48 000.
- (c) Die verhouding tussen krediet- en kontantverkope was 2:1.
- (d) Kortings toegestaan aan debiteure wie hul rekeninge voor die betaaldatum betaal het, het R400 beloop.
- (e) Goedere van R300 is deur debiteure teruggestuur.
- (f) Rente op uitstaande debiteure rekeninge was R250.

Watter een van die volgende verteenwoordig die kontant wat vanaf debiteure vir die jaar ontvang is?

1. R33 000
2. R30 100
3. R29 600
4. R30 900
5. Nie een van die bogemelde nie.

Vraag 7

Die volgende inligting het betrekking op Soso Beperk:

	R
Kontantverkope vir die jaar wat op 31 Januarie 2011 geëindig het	300 000
Koste van verkope	400 000
Debiteure op 1 Februarie 2010	60 000
Debiteure op 31 Januarie 2011	100 000
Brutowinspersentasie op omset	20%

Watter een van die volgende verteenwoordig die bedrag wat gedurende die jaar wat op 31 Januarie 2011 geëindig het, vanaf debiteure ontvang is?

1. R140 000
2. R160 000
3. R180 000
4. R200 000
5. Nie een van die bogemelde nie.

WERKOPDRAG 02 (vervolg)**Vraag 8**

U is die ouditeur van Vosrau (Edms) Bpk. 'n Vergelyking tussen die kasboek (kontantontvangste- en –betalingsjoernale) met die bankstaat op 31 Maart 2011, het die volgende aan die lig gebring:

- | | | |
|-----|---|-----|
| 1. | Items in die kontantontvangste- en -betalingsjoernale vir Maart 2011 wat nie op die bankstate afgemerkt kon word nie: | R |
| 1.1 | 'n Deposito op 31 Maart 2011 | 325 |
| 1.2 | Tjek nommer 2001 wat op 28 Maart 2011 uitgereik is | 450 |
| 2. | Items op die bankstaat wat nie in die kasboek (kontantontvangste- en –betalingsjoernale) vir Maart 2011 afgemerkt kon word nie: | |
| 2.1 | Tjek nommer 1801 wat op 27 Februarie 2011 uitgereik is | 350 |
| 2.2 | 'n Deposito wat direk deur debiteur, C. Os, in die bankrekening van die maatskappy inbetaal is. | 475 |
| 2.3 | 'n Deposito wat op die rekening van Rauvos (Edms) Bpk moes verskyn het | 150 |
| 2.4 | Rente op die oortrokke bankrekening, R25 en bankkoste van R15 | 40 |
| 3. | Verdere inligting: | |
| | Oortrokke banksaldo soos op die bankstaat van 31 Maart 2011 | 225 |

Watter een van die volgende bedrae verteenwoordig die korrekte saldo op die bankrekening in die algemene grootboek op 31 Maart 2011?

1. R100 gunstig
2. R250 gunstig
3. R500 ongunstig
4. R850 ongunstig
5. Nie een van die bogemelde nie.

WERKOPDRAG 02 (vervolg)**Vraag 9**

Die volgende inligting is op 28 Februarie 2011 uit die rekeningkundige rekords van Value Handelaars, voordat enige aansuiwerings of sluitingsinskrywings gedoen is, geneem:

	R
Handelsdebiteure	30 640
Toelating vir kredietverliese (saldo op 1 Maart 2010)	1 500
Kredietverliese gedurende die jaar afgeskryf	600

Verdere inligting:

Die toelating vir kredietverliese moet tot 5% van netto debiteure aangepas word. 'n Verdere bedrag van R140 moet nog as kredietverliese afgeskryf word.

Watter een van die volgende alternatiewe verteenwoordig die netto bedrag vir debiteure wat op die staat van finansiële posisie vir Value Handelaars op 28 Februarie 2011 getoon moet word?

1. R30 500
2. R29 000
3. R28 975
4. R28 405
5. Nie een van die bogemelde nie.

Vraag 10

Die volgende inligting is uit die rekeningkundige rekords van Open Accounts Handelaars op 28 Februarie 2011, voordat enige aansuiwerings of sluitingsinskrywings gemaak is, geneem:

	R
Handelsdebiteure	40 150
Toelating vir kredietverliese (saldo op 1 Maart 2010)	1 800
Kredietverliese gedurende die jaar afgeskryf	550

Verdere inligting:

Die toelating vir kredietverliese moet tot 5% van netto debiteure aangepas word. 'n Verdere R150 moet ook nog as kredietverliese afgeskryf word.

Watter een van die volgende alternatiewe verteenwoordig die bedrae vir kredietverliese afgeskryf, asook toelating vir kredietverliese wat in die staat van omvattende inkomste van Open Account Handelaars vir die jaar wat op 28 Februarie 2011 geëindig het, getoon moet word?

	<u>Kredietverliese afgeskryf</u>	<u>Toelating vir kredietverliese</u>
1.	R550	R2 000
2.	R900	R 200
3.	R150	R1 800
4.	R550	R 200
5.	Nie een van die bogemelde nie.	

WERKOPDRAG 02 (vervolg)**Vraag 11**

'n Vergelyking tussen die kontantontvangste- en –betalingsjoernale en bankstaat van Westphall Handelaars op 30 April 2011, het die volgende getoon:

1.	Items wat op die kontantjoernale vir April 2011 verskyn het maar nie op die bankstaat afgemerkt kon word nie:	
		R
1.1	'n Deposito op 30 April 2011	215
1.2	Tjek nr. 1009 wat op 20 April 2011 uitgereik is	100
2.	Items wat op die bankstaat voorgekom het maar nie op die kontantjoernale vir April 2011 afgemerkt is nie:	
2.1	'n Deposito wat op die kontantjoernale vir Maart 2011 verskyn	295
2.2	'n Deposito wat direk deur 'n huurder in die besigheid se bankrekening inbetaal is	250
2.3	'n Deposito wat op die rekening van West Hall Handelaars moes wees	150
2.4	'n Tjek (nr. 895763) wat deur Western Handelaars getrek is	85
2.5	Rente van R10 en bankkoste van R20	30
2.6	'n Tjek (nr. 1000) wat op 30 Maart 2011 uitgereik is	210
3.	Verdere inligting:	
	Die banksaldo's was soos volg:	
	Bankoortrekking op 1 April 2011 (ink)	110
	Gunstige saldo op 30 April 2011 (potlood)	200

Watter een van die volgende bedrae verteenwoordig die saldo's op die bankstaat op 30 April 2011?

1. R370 gunstig
2. R60 gunstig
3. R160 gunstig
4. R285 gunstig
5. Nie een van die bogemelde nie.

WERKOPDRAG 02 (vervolg)**Vraag 12**

SA Handelaars, wie die deurlopende ('perpetual') voorraadstelsel gebruik, het op 1 Februarie 2011 handelsvoorraad van R500 vanaf Afrika Beperk aangekoop. Die transaksie was onderworpe aan 'n kontantkorting van 5% en 'n handelskorting van 25% indien die rekening binne 20 dae betaal word.

Watter een van die volgende bedrae moet op die datum van die aankoop na die voorraadrekening gedebiteer word?

1. R500
2. R475
3. R375
4. R356,25
5. Nie een van die bogemelde nie.

Vraag 13

Die volgende joernaalinskrywings was in die algemene joernaal van Emcee, 'n eenmansaak, gemaak op 28 Februarie 19.3, die einde van die finansiële jaar:

	R	R
(i) Huur ontvang	1 300	
Inkomste vooruitontvang		1 300
<u>Afgerond</u>		
(ii) Verkope	10 000	
Handelsrekening		10 000
<u>Afgerond</u>		
(iii) B Brown	400	
Rente ontvang		400
<u>Afgerond</u>		
(iv) Wins en verliesrekening	35 000	
Rente betaal		35 000
<u>Afgerond</u>		
(v) Wins en verliesrekening	4 500	
Spoorvrag op verkope		4 500
<u>Afgerond</u>		
(vi) Opgelope inkomste	600	
Kommissie		600
<u>Afgerond</u>		

Watter een van die volgende alternatiewe verteenwoordig die kombinasie van joernaal inskrywings wat wat as sluitingsinskrywings geklassifiseer kan word?

1. (i), (ii), (iv)
2. (ii), (iv), (v)
3. (ii), (iii), (vi)
4. Al die bogenoemde
5. Nie een van bogenoemde nie

WERKOPDRAG 02 (vervolg)**Vraag 14**

Komry Beperk het 'n voertuig teen 'n vlootafslag van 10% op die aankoopprys van R130 000 aangekoop. 'n Lugversorger van R3 000 en 'n radio van R1 500 is teen 'n verdere koste van R1 000 geïnstalleer.

Watter een van die volgende bedrae verteenwoordig die kosprys van die voertuig?

1. R134 500
2. R121 500
3. R121 950
4. R122 500
5. Nie een van die bogemelde nie.

Vraag 15

Die volgende inligting is uit die motorvoertuigregister van Meubelvervoeders aan die einde van hul finansiële jaar, 28 Februarie 2011 verkry. Waardevermindering word op die reguitlyngrondslag voorsien.

Voertuie	Aankoopdatum	Kosprys	Skrootwaarde	Lewensduur (jaar)
Nr. 1	1 Maart 2009	R 120 000	R 15 000	5
Nr. 2	1 September 2010	128 000	14 000	4
Nr. 3	1 September 2010	132 000	15 000	4

Voertuig Nr. 1 is op 28 Februarie 2011, die einde van die finansiële jaar, vir R70 000 verkoop.

Watter een van die volgende bedrae verteenwoordig die drabedrag vir die voertuie soos wat dit op die staat van finansiële posisie van Meubelvervoeders op 28 Februarie 2011 sal verskyn?

1. R230 800
2. R201 600
3. R260 000
4. R231 125
5. Nie een van die bogemelde nie.

ASSIGNMENT 02 (continued)**Vraag 16**

Die volgende transaksies is gedurende Januarie 2011 deur Potter Handelaars aangegaan. (Die banksaldo was R300 gunstig op 1 Januarie 2011):

1. Kontantverkope vir die maand - R1 500.
2. Handelsware op krediet aan L Teo verkoop - R600.
3. Rente vanaf die BG Bank ontvang - R200.
4. R900 is aan 'n krediteur, B Bam, betaal.
5. L Teo het handelsware met 'n verkoopprijs van R60 teruggestuur.
6. Salarisse betaal - R1 000.
7. Handelsware op krediet vanaf B Baxter gekoop – R1 000.
8. Potter het 'n tjek van R350 vir eie gebruik getrek.

Watter een van die volgende bedrae verteenwoordig die regte saldo van die bankrekening in die algemene grootboek van Potter Handelaars op 31 Januarie 2011?

1. R310 Kt
2. R250 Kt
3. R100 Dt
4. R550 Kt
5. Nie een van die bogemelde nie.

Vraag 17

Op 28 Februarie 2011 het Andy Beperk 'n bedrag van R3 000 aan Flo Vervaardigers geskuld. Gedurende Maart 2011 het die volgende transaksies tussen Andy Beperk en Flo Vervaardigers plaasgevind:

Maart 2011

- 9 Goedere op krediet by Flo Vervaardigers gekoop - R15 000.
- 15 Betaal R2 960 aan Flo Vervaardigers vir volle betaling van die bedrag wat vanaf Februarie oorgedra is.
- 16 'n Gedeelte van die goedere wat op 9 Maart ontvang is teruggestuur en 'n debietnota van R1 000 is daarvoor uitgereik.
- 25 Betaal Flo Vervaardigers 'n verdere R6 000 per tjek.
- 29 Op navraag het Flo Vervaardigers, Andy Beperk daarvan verwittig dat hulle nog nie die tjek wat op 15 Maart 2011 uitgereik is, ontvang het nie. Die tjek is gekanselleer en 'n nuwe tjek vir R3 000 is uitgereik.
- 31 'n Debietnota van R20 vir rente gehef, is vanaf Flo Vervaardigers ontvang. Tot datum is nog geen kredietnota vanaf Flo Vervaardigers vir die goedere wat op 16 Maart teruggestuur is, ontvang nie.

Watter een van die volgende bedrae verteenwoordig die regte saldo op 31 Maart 2011 in die rekening van Flo Vervaardigers in die krediteure grootboek van Andy Beperk?

1. R5 000
2. R9 020
3. R7 980
4. R8 020
5. Nie een van die bogemelde nie.

WERKOPDRAG 02 (vervolg)**Vraag 18**

Die voorlopige kredietsaldo van die krediteurekontrolerekening in die algemene grootboek van Central (Edms) Bpk op 31 Desember 2010 is R6 100.

Die totaal van die lys van individuele krediteuresaldo's verskil van die saldo van die kontrole rekening.

Die volgende het gedurende 'n ondersoek aan die lig gekom:

- (i) 'n Krediteure aankoopfaktuur vir R150 was in die aankoopsjoernaal as R105 aangeteken.
- (ii) Die aankoopsjoernaal (aankoopkolom) was met R100 te min opgetel.
- (iii) 'n Faktuur van R50 is vanaf die aankoopsjoernaal na die rekening van 'n krediteur as R80 gepos.
- (iv) 'n Aankoopfaktuur vir R70 is nie vanaf die aankoopjoernaal na die rekening van 'n krediteur gepos nie.
- (v) 'n Faktuur vir R40, gedateer 15 Desember 2010, wat vanaf 'n verskaffer ontvang is, is nie in die rekeningkundige rekords van die instelling opgeteken nie. Die voorraad is ontvang en in die eindvoorraad ingesluit.

Watter een van die volgende bedrae sal as 'krediteure' op die staat van finansiële posisie van Central (Edms) Bpk op 31 Desember 2010 verskyn?

- 1. R6 245
- 2. R6 325
- 3. R6 285
- 4. R6 185
- 5. Nie een van die bogemelde nie.

Vraag 19

Die krediteurekontrolerekening van Botha Broers vir die maand tot 31 Januarie 2011 is opgestel. Die totaal van die lys van krediteuresaldo's verskil egter van die saldo van die kontrole rekening. 'n Nadere ondersoek het die volgende aan die lig gebring:

	R
(a) Die saldo van die krediteurekontrolerekening is nou	7 169
(b) 'n Aankoopfaktuur is per abuis glad nie in die aankoopjoernaal aangeteken nie	189
(c) 'n Aankoopfaktuur vir R105 is as R115 aangeteken en gepos	10
(d) 'n Tjek vir R210 ten gunste van 'n krediteur is slegs foutiewelik in die bankkolom van die kasboek as R120 aangeteken – verder is dit korrek aangeteken en gepos.	90
(e) 'n Debiteur met 'n kredietsaldo is oorgedra vanaf die debiteure grootboek na die krediteure grootboek. Geen rekeningkundige aanpassing is in die verband gemaak nie.	350

WERKOPDRAG 02 (vervolg)

- (f) 'n Tjek vir R300 ten gunste van 'n krediteur is korrek in die kasboek aangeteken maar na die persoonlike rekening van die krediteur as R30 gepos.

Watter een van die volgende alternatiewe is die regte saldo van die krediteurekontrole-rekening op 31 Januarie 2011, nadat die nodige aansuiwerings gemaak is?

1. R6 998
2. R7 718
3. R7 698
4. R7 428
5. Nie een van die bogemelde nie.

Vraag 20

Die volgende inligting is tov Solo Ondernemings:

	<u>28 Februarie 2010</u>	<u>28 Februarie 2011</u>
	R	R
Krediteure	3 000	2 000
Vorraad	2 000	1 500
Toerusting teen kosprys	4 000	4 000
Opgelope waardevermindering	1 000	1 100
Kontant	500	400
Kapitaal	?	?

Geen onttrekkings of addisionele kapitaalbydraes is deur die eienaars vir die jaar wat op 28 Februarie 2011 geëindig het, gemaak nie.

Watter een van die volgende bedrae verteenwoordig die netto inkomste/verlies van Solo Ondernemings vir die jaar wat op 28 Februarie 2011 geëindig het?

1. R500 netto verlies
2. R300 netto inkomste
3. R500 netto inkomste
4. R300 netto verlies
5. Nie een van die bogemelde nie.

EINDE VAN WERKOPDRAG 02 VIR DIE EERSTE SEMESTER

BYLAAG F

WERKOPDRAG 02

TWEEDE SEMESTER ALLEEN

HIERDIE WERKOPDRAG IS VERPLIGTEND

**PUNTE IN HIERDIE WERKOPDRAG BEHAAL,
BEÏNVLOED NIE U EKSAMENTOELATING NIE. DIT
BEÏNVLOED 5% VAN U JAARPUNT VAN 10%**

STUDENTE GEREGISTREER:

- VIR DIE TWEEDE SEMESTER
Vervaldatum: 5 SEPTEMBER 2011
Unieke nommer: 828322

BYLAAG F: WERKOPDRAG 02 VIR DIE TWEEDE SEMESTER (100 marks)**VERVALDATUM:** 5 September 2011**UNIEKENOMMER:** 828322**(MEERKEUSEVRAE)****MOET NIE WERKOPDRAGTE PER FAKS OF E-POS INSTUUR NIE.**

- LW: 1. Vrae moet in potlood op 'n merkleesblad beantwoord word of dien dit via myUnisa in.
2. Voor beantwoording van hierdie werkopdrag lees asseblief eers paragraaf 6 tot 8 van hierdie studiebrief.
3. Die werkopdrag handel oor studie-eenhede 1 – 10 en bestaan uit 20 meervoudige keuse vrae.
4. **GEEN UITSTEL SAL VIR DIE LAAT INDIENING VAN HIERDIE WERKOPDRAGGEGEE WORD NIE EN GEEN BRIEFWISSELING OF TELEFOONGESPREEK SAL IN HIERDIE VERBAND GEVOER WORD NIE.**
5. BELANGRIKE SAKE RAKENDE MEERVOUDIGEKEUSE-WERKOPDRAGTE
- ◆ 'n Merkleesblad word benodig vir die beantwoording van werkopdrag 01. Voordat u 'n merkleesblad voltooi, verwys eers na die voorskrifte in hierdie jaar se uitgawe van "UNISA: DIENSTE EN PROSEDURES". Lees die aanwysings NOUKEURIG en volg dit STRENG na om foute te voorkom.
 - ◆ Werk noukeurig deur die betrokke studiemateriaal voordat u die werkopdrag aanpak.
 - ◆ Werk die vrae op 'n afsonderlike stuk papier uit voordat u die merkleesblad invul.

ONTHOU

- Slegs **een** antwoord per vraag is reg.
- Alle vrae is gelykwaardig.
- Slegs merkleesblaaie verskaf, mag gebruik word.
- Kleur die regte blokkie in met 'n HB potlood.
- Vul u studentenommer reg in.
- Vul die werkopdragnommer reg in.
- Vul die **unieke** werkopdragnommer vir die betrokke semester reg in. Elke werkopdrag wat deur die rekenaar nagesien word, kry 'n unieke nommer. Die nommer bevat inligting oor die kursuskode en werkopdragnommer. Wanneer die merkleesblad deur die rekenaar ingelees word en die unieke nommer is byvoorbeeld 595688, "weet" die rekenaar dat dit Werkopdrag 01 vir die betrokke module is.
- Stuur **slegs** u merkleesblad aan die Werkopdragafdeling in die bypassende koevert.
- Maak seker dat u genoeg merkleesblaaie het.

BYLAAG F (vervolg)**MOET NIE:**

- meer as een merkie per vraag aanbring nie,
- die merkleesblad skeur of vou nie,
- die merkleesblad vaskram aan 'n papier nie,
- die potloodstreep buite die blokkie trek nie,
- die blokkies met 'n pen inkleur nie,
- regstellings met vloeibare uitwisser aanbring nie,
- antwoorde op 'n geskrewe vel papier instuur nie, of
- 'n merkleesblad wat geskeur het, met kleefpapier probeer regmaak nie - gebruik 'n ander een.

BYLAAG F: WERKOPDRAG 02 VIR DIE TWEEDE SEMESTER (100 punte)**VERVALDATUM:** 5 September 2011**UNIEKENOMMER:** 828322**(MEERKEUSEVRAE)****Vraag 1**

Die volgende inligting met betrekking tot die jaar geëindig 28 Februarie 2011 vir Robin Beperk, is beskikbaar:

	R
Voorraad - 1 Maart 2010	15 000
Voorraad - 28 Februarie 2011	22 500
Aankope	30 000
Kontantverkope	30 000
Kredietverkope	45 000
Debiteure - 28 Februarie 2011	15 000

Watter een van die volgende antwoorde verteenwoordig die bruto wins vir die jaar wat op 28 Februarie 2011 geëindig het?

1. R30 000
2. R 7 500
3. R22 500
4. R52 500
5. Nie een van die bogemelde nie.

Vraag 2

Die volgende transaksies het gedurende Oktober 2010 by Heymans Beperk voorgekom:

1. Rente op belegging by Bay Bank ontvang - R180.
2. Kontantverkope vir die maand - R1 600.
3. 'n Krediteur, E Wallis, is R120 betaal.
4. Handelsware van R500 is op krediet aan M May verkoop.
5. Huurgeld betaal - R100.
6. Handelsvoorraad van R200 op krediet by E Wallis gekoop.
7. 'n Tjek van R100 is aan E Wallis as gedeeltelike betaling van skuld, gestuur.
8. M May het handelsvoorraad met 'n verkoopprijs van R50, wat nie vir gebruik geskik was nie, teruggestuur.

Watter een van die volgende bedrae verteenwoordig die regte saldo op die bankrekening in die algemene grootboek van Heymans Beperk op 31 Oktober 2010 nadat die totale van die kontantjoernale oorgedra is? Die gunstige banksaldo op 1 Oktober 2010 was R200.

1. R1 460 Kt
2. R1 710 Kt
3. R1 660 Dt
4. R2 160 Dt
5. Nie een van die bogemelde nie.

WERKOPDRAG 02 (vervolg)**Vraag 3**

Mac Van Beperk gebruik kolomtipe hulpjoernale asook die periodieke voorraadstelsel. Die volgende transaksies het gedurende Februarie 2011 plaasgevind:

1. Handelsvoorraad is vir kontant van Bejem Handelaars aangekoop, R600.
2. Petrol vir die afleweringvoertuig is op krediet by Petrol Beperk gekoop, R680.
3. Handelsvoorraad is op krediet by Unirama Groothandelaars vir R700 aangekoop. Die bedrag is onderworpe aan 'n handelskorting van 20% en 'n addisionele kontantkorting van 10% indien die rekening binne 30 dae betaal word.
4. Handelsvoorraad van R600 is by Sarama Handelaars gekoop wat in twee maandelikse paaitemente van R300 elk op 31 Maart 2011 en 30 April 2011 betaal moet word.
5. 'n Debietnota van R200 is aan Unirama Groothandelaars uitgereik vir handelsvoorraad wat teruggestuur is.
6. 'n Kredietnota van R160 is vanaf Unirama Groothandelaars ontvang vir teruggestuurde voorraad.
7. Handelsvoorraad van R1 000 wat by Tap Tap Nywerhede vir kontant gekoop is, is onderworpe aan 'n kontantkorting van 5%.

Watter een van die volgende bedrae moet na die aankoperekening via die aankooptoernaal, vir Februarie 2011 gedebiteer word?

1. R1 000
2. R1 104
3. R2 110
4. R1 160
5. Nie een van die bogemelde nie.

WERKOPDRAG 02 (vervolg)**Vraag 4**

Die totaal van die lys van individuele debiteure saldo's van Van Zyl Handelaars stem nie ooreen met die saldo van die debiteurekontrolerekening nie.

In 'n poging om die twee saldo's te rekonsilieer, is die volgende foute gevind:

1. Die verkoopsjoernaal is met R100 te min opgetel.
2. 'n Faktuur van R110 is as R101 in die verkoopsjoernaal aangeteken en as sulks gepos.
3. 'n Faktuur van R205 is as R250 vanaf die verkoopsjoernaal na die persoonlike rekening van 'n debiteur gepos.
4. 'n Debiteur het sy rekening van R205 met 'n tjek van R200 afgelos. In die ontleedkolom "Ontvang vanaf debiteure" is R200 in plaas van R205 aangeteken. Geen oorboekingsfout is gemaak nie.

Verdere inligting:

1. Voordat die bogemelde foute gevind is, was die potloodsaldo op die debiteurekontrolerekening R11 800.
2. Die totaal van die debiteure rekeninge met kredietsaldo's was R136. Die bogemelde foute het nie een van hierdie rekeninge beïnvloed nie.

Watter een van die volgende bedrae toon die regte totaal van die lys van debiteure met debietsaldo's?

1. R11 904
2. R11 995
3. R12 040
4. R12 085.
5. Nie een van die bogemelde nie.

Vraag 5

Walter Polano ondervind probleme om sy debiteurekontrolerekeningsaldo met die totaal van die lys van debiteure op 30 Junie 2011 te rekonsilieer.

Die potloodsaldo's op die debiteurekontrolerekening op 30 Junie 2011 is R16 244. U word gevra om Mr Polano by te staan met die rekonsiliasie van die debiteurekontrolerekening met die totaal van die lys debiteuresaldo's.

Nadat die optellings en oorboekings nagegaan is, het die volgende aan die lig gekom:

- (a) 'n Kredietnota vir R60 wat aan R Sales uitgereik is, is korrek in die toepaslike joernaal opgeteken, maar is nie na die rekening van R Sales gepos nie.
- (b) Die verkoopsjoernaal-totaal van R3 467 vir Junie 2011 is as gevolg van 'n optelfout, verkeerd. Die totaal moet R3 917 wees.

WERKOPDRAG 02 (vervolg)**Vraag 5 (vervolg)**

- (c) Rente van R45 wat op uitstaande debiteurerekeninge gehef is, is as 'n krediet van R54 in die debiteurekolom van die algemene joernaal gelys.

Watter een van die volgende bedrae verteenwoordig die regte netto totaal (debiet- min kredietsaldos) van die lys van debiteuresaldo's op 30 Junie 2011?

1. R16 733
2. R16 802
3. R16 685
4. R16 793.
5. Nie een van die bogemelde nie.

Vraag 6

Die volgende inligting is uit die rekeningkundige rekords van Transvaal Handelaars op 31 Maart 2011 geneem:

		R
1. Saldo op die debiteurekontrolerekening op 28 Februarie 2011		13 350
2. <u>Totaal van hulpjoernale vir Maart 2011:</u>		
Kontantbetalingsjoernaal:		
Betalings aan krediteure		9 525
Kontantaankope		5 250
Diverse: Tjeks gedishonoreer		270
Kontantontvangstejoernaal:		
Ontvangste vanaf debiteure		14 700
Kontantverkope		9 375
Aankoopjoernaal		6 225
Verkoopsjoernaal		11 730
Aankoopterugsendingsjoernaal		225
Ontvangwisseljoernaal		3 300
Algemene joernaal:	<u>Debiet</u>	<u>Krediet</u>
	R	R
Ander algemene grootboekrekeninge	115	175
Debiteurekontrole	150	75
Krediteurekontrole	45	30

Nota: Alle gedishonoreerde debiteure tjeks word teen hul persoonlike rekeninge gedebiteer.

Watter een van die volgende bedrae verteenwoordig die saldo van die debiteurekontrolerekening op 31 Maart 2011?

1. R 7 155
2. R16 800
3. R 7 425
4. R10 455
5. Nie een van die bogemelde nie.

WERKOPDRAG 02 (vervolg)**Vraag 7**

Die volgende rekening verskyn in die debiteure grootboek van Kobie Invoerdere:

Boutique Magda							
2011			R	2011			R
Jan 1	Saldo	a/b	4 000	Jan 5	Bank	KOJ	4 000
8	Verkope	VJ	3 300	5	Bank	KOJ	3 000
10	Verkooperugsendings	VTJ	300	30	Saldo	a/d	3 150
30	Vereffeningkorting toegestaan	KOJ	150	31			
31	Verkope	VJ	2 400				
			10 150				10 150
31	Saldo	a/b	3 150				

Die saldo op 1 Januarie 2011 is korrek, maar verskeie foute is gemaak met die opstelling van die bogemelde rekening:

- Die handelsware teruggestuur op 10 Januarie was deel van die verkope op 8 Januarie.
- Volgens die kontantontvangstejoernaal is 'n tjek vir R2 850 op 30 Januarie vir die volle vereffening van die rekening van R3 000 ontvang.

Watter een van die volgende bedrae reflekteer die regte debiet saldo van die rekening?

1. R3 000
2. R2 400
3. R2 100
4. R2 250
5. Nie een van die bogemelde nie.

Vraag 8

Die volgende inligting verwys na die 2010/2011 finansiële jaar van Blue Bird Beperk:

	R
Verkope	300 000
Aankope	275 000
Vorraad op 29 February 2010	25 000
Vorraad op 28 February 2011	55 000
Aankooptersendings	50 000
Vraggeld op verkope	40 000
Doeane en invoerbelasting	5 000

WERKOPDRAG 02 (vervolg)

Watter een van die volgende alternatiewe verteenwoordig die brutowinspersentasie op verkope vir die jaar geëindig 28 February 2011?

1. 33, 3%
2. 20%
3. 50%
4. 25%
5. Nie een van die bogemelde nie.

Vraag 9

Die volgende inligting is uit die rekeningkundige rekords van Gamka (Edms) Bpk op 28 Februarie 2011, die einde van die finansiële jaar verkry:

1. Inligting uit die voor-aansuiweringsproefbalans R
 Debiteure 12 800
 Kredietverliese afgeskryf 500
 Toelating vir kredietverliese 700
2. Verdere inligting
 (i) 'n Verdere bedrag van R300 moet as oninvorderbare debiteure afgeskryf word.
 (ii) Die toelating vir kredietverliese moet na 5% van uitstaande debiteure aangepas word.

Watter een van die volgende alternatiewe verteenwoordig die bedrag wat op die staat van omvattende inkomste vir die jaar wat op 28 Februarie 2011 geëindig het, asook die na-afsluitingsproefbalans op dieselfde datum met betrekking tot (i) kredietverliese, (ii) Toelating vir kredietverliese en (iii) debiteure?

Nr.	Itembeskrywing	Staat van omvattende inkomste		Na-afsluitingsproefbalans	
		Dt	Kt	Dt	Kt
1	Kredietverliese Toelating vir kredietverliese Debiteure	R 800	R 60	R 12 800	R 640
2	Kredietverliese Toelating vir kredietverliese Debiteure	800 60		12 500	700
3	Kredietverliese Toelating vir kredietverliese Debiteure	800	75	12 500	625
4	Kredietverliese Toelating vir kredietverliese Debiteure	800	100	12 000	600

5. Nie een van die bogemelde nie.

WERKOPDRAG 02 (vervolg)**Vraag 10**

Die volgende inligting vir die jaar geëindig 31 Januarie 2011 verwys na Zana Handelaars:

	R
Voorraad - 1 Februarie 2010	20 000
Aankope	25 000
Vervoerkoste op aankope	1 000
Verkope	37 500
Vervoerkoste op verkope	1 000
Brutowinspersentasie	25%

Watter een van die volgende bedrae verteenwoordig die waarde van die sluitingsvoorraad op 31 Januarie 2011?

1. R 8 500
2. R 7 500
3. R17 875
4. R16 000
5. Nie een van die bogemelde nie.

Vraag 11

Die volgende inligting het aan die lig gekom toe die kontantontvangstejoernaal en kontantbetalingsjoernaal van Lamarlo (Edms) Bpk met die bankstaat op 28 Februarie 2011 vergelyk is:

- (i) Saldo's op 31 Januarie 2011
- | | |
|--------------|-----------------|
| Bankrekening | R750 (gunstig) |
| Bankstaat | R10 (oortrokke) |
- (ii) Saldo's op 28 Februarie 2011
- | | |
|------------------------|------------------|
| Bankrekening (potlood) | R1 050 (gunstig) |
| Bankstaat | ? |
- (iii) Verdere inligting:
- (a) Die bank het verkeerdelik die instelling se bankrekening met 'n tjek van Marlo Beperk gedebiteer, R150.
 - (b) Bankkoste volgens die bankstaat, R20.
 - (c) Tjeks wat nog nie aan die bank vir betaling aangebied is nie, R250.
 - (d) 'n Deposito van R200 wat op 28 Februarie 2011 in die kasboek aangeteken is, verskyn nog nie op die bankstaat nie.
 - (e) 'n Tjek ten bedrae van R120 vir lone is in die kasboek as R102 aangeteken.

WERKOPDRAG 2 (vervolg)

Watter een van die volgende saldo's sal u verwag om op die bankstaat op 28 Februarie 2011 te vind?

1. R612 (gunstig)
2. R912 (gunstig)
3. R1 112 (gunstig)
4. R812 (gunstig)
5. Nie een van die bogemelde nie.

Vraag 12

Die volgende inligting is uit die rekeningkundige rekords van Big Joe Beperk vir die jaar wat op 30 April 2011 geëindig het, bekom:

	R
Waarde van voorraad, 30 April 2010	97 500
Aankope	300 000
Vervoerkoste op aankope	15 000
Vervoerkoste op verkope	5 000
Verkope aan groothandelaars	450 000
Verkope aan kleinhandelaars	187 500

Big Joe verkoop aan groothandelaars teen koste plus 50% en aan kleinhandelaars teen koste plus 100%.

Watter een van die volgende bedrae verteenwoordig die waarde van voorraad op 30 April 2011?

1. R 3 750
2. R23 750
3. R18 750
4. R NUL
5. Nie een van die bogemelde nie.

WERKOPDRAG 02 (vervolg)**Vraag 13**

Afro Beperk voorsien vir waardevermindering op voertuie teen 25% per jaar op die verminderde saldo. Die volgende inligting aangaande voertuig A is beskikbaar:

Aankoopdatum	1 April 2009
Datum verkoop	30 Junie 2011
Kosprys	R30 000
Opbrengs uit verkoop	R12 500

Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie.

Watter een van die volgende bedrae (tot die naaste R1), verteenwoordig die wins/verlies vir die voertuig op die verkoopdatum?

1. R4 844
2. R3 398
3. R 625
4. R2 500
5. Nie een van die bogemelde nie.

Vraag 14

Gabrielle (Edms) Bpk het 'n voertuig vir R8 000 op 1 Julie 2010 gekoop. Waardevermindering word teen 10% per jaar afgeskryf. Die finansiële jaar van die instelling eindig op 31 Desember.

Watter een van die volgende kombinasies toon die korrekte inskrywings in die grootboekrekening voordat die sluitingsinskrywings gemaak is op 31 Desember 2010?

	Motorvoertuig teen koste rekening		Opgelope waardevermindering rekening		Lopende waardevermindering rekening	
	Dt R	Kt R	Dt R	Kt R	Dt R	Kt R
1.	8 000	400	-	-	400	-
2.	8 000	-	-	800	800	-
3.	8 000	-	-	400	400	-
4.	8 000	800	-	-	800	-
5.	Nie een van die bogemelde nie.					

WERKOPDRAG 02 (vervolg)**Vraag 15**

Die volgende inligting is uit die rekeningkundige rekords van Klimtol Handelaars op 30 April 2011 verkry:

Saldo per bankstaat (gunstig)	R 468
-------------------------------	----------

Verdere inligting:

- | | |
|--|-----|
| 1. Items wat op die bankstaat maar nie in die kontantjoernale voorkom nie: | R |
| 1.1 Bankkoste | 32 |
| 1.2 Rente op bankoortrekking | 62 |
| 1.3 'n Deposito wat deur 'n debiteur, R Rice, sonder om die instelling in kennis te stel, direk in die instelling se bankrekening inbetaal is. | 728 |
| 1.4 Tjek nr. X404 wat vanaf 'n debiteur, B Bake ontvang is, is deur die bank, gemerk "V/T", teruggestuur. | 316 |
| 2. Items wat op die kontantjoernale, maar nie op die bankstaat verskyn nie: | |
| 2.1 Tjek wat nog nie vir betaling aangebied is nie: | |
| Nr. 1101 - R158 | |
| Nr. 1109 - R280 | |
| 2.2 'n Deposito van R1 080 op 30 April 2011. | |
| 3. Items wat op die bankrekonsiliasiestaat vir Maart 2011, maar nie op die bankstaat verskyn nie: | |
| 3.1 Tjek nog nie vir betaling aangebied nie: | |
| Nr. 1001 - R270. Hierdie tjek is aan M Mealy op 25 Oktober 2010 uitgereik. | |

Watter een van die volgende alternatiewe toon die korrekte saldo van die instelling se bankrekening op die staat van finansiële posisie op 30 April 2011?

1. R 840 (gunstig)
2. R 792 (gunstig)
3. R 522 (gunstig)
4. R1 110 (gunstig)
5. Nie een van die bogemelde nie.

WERKOPDRAG 02 (vervolg)**Vraag 16**

Die volgende inligting is uit die motorvoertuigregister van Speedy Vervoerders op 28 February 2011, die einde van die finansiële jaar, verkry:

Voertuie	Datum		Koste
	Aangekoop	Verkoop	
Nr. 1	1 Maart 2009	-	R 160 000
Nr. 2	1 September 2009	-	140 000
Nr. 3	1 September 2010	1 Desember 2010	180 000

Waardevermindering word jaarliks teen 25% op die verminderde saldo van voertuie bereken.

Watter een van die volgende bedrae met betrekking tot die waardevermindering wat afgeskryf word, sal op die staat van omvattende inkomste vir die jaar geëindig 28 Februarie 2011 verskyn?

1. R71 875
2. R78 750
3. R86 250
4. R68 750
5. Nie een van die bogemelde nie.

Vraag 17

